# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**PRYS (AVB ingesluit) 30c PRICE (GST included)**
**BUITELANDS 40c ABROAD**
**POSVRY · POST FREE**

VOL. 205] KAAPSTAD, 7 JULIE 1982 / CAPE TOWN, 7 JULY 1982 [No. 8293


KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1283. 7 Julie 1982.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 102 van 1982: Wet op Swart Plaaslike Besture, 1982.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 1283. 7 July 1982.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 102 of 1982: Black Local Authorities Act, 1982.

# WET

**Om voorsiening te maak vir die instelling van plaaslike komitees, dorpsbesture en stadsrade vir Swart persone in sekere gebiede; vir die aanstelling van 'n direkteur van Plaaslike Bestuur; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 23 Junie 1982.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing.

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) ,,administrateur", met betrekking tot 'n plaaslike bestuur, die administrateur van die provinsie waarin die gebied van sodanige plaaslike bestuur geleë is, handelende op die advies en met die toestemming van die uitvoerende komitee van daardie provinsie; (ii)

(ii) ,,Departement" die Departement van Samewerking en Ontwikkeling; (vi)

(iii) ,,direkteur" die Direkteur van Plaaslike Bestuur in artikel 3 bedoel; (viii)

(iv) ,,Direkteur-generaal" die Direkteur-generaal: Samewerking en Ontwikkeling; (ix)

(v) ,,dorp" 'n terrein bepaal en afgesonder kragtens artikel 2 (1) *(a)* of *(b)* van die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945); (xix)

(vi) ,,dorpsbestuur" 'n dorpsbestuur kragtens artikel 2 (1) *(a)* ingestel; (xx)

(vii) ,,hierdie Wet" ook die regulasies; (xvii)

(viii) ,,hoof- uitvoerende beampte", met betrekking tot 'n stadsraad of 'n dorpsraad, iemand kragtens artikel 30 (1) as die stadsklerk van 'n stadsraad of die dorpsekretaris van 'n dorpsbestuur aangestel; (iv)

(ix) ,,kommissaris"—

*(a)* 'n Kommissaris kragtens artikel 2 (2) van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), aangestel en ook 'n addisionele of assistent-kommissaris aldus aangestel; of

*(b)* met betrekking tot 'n gebied waarvoor geen Kommissaris in paragraaf *(a)* beoog, aangestel is nie, 'n landdros of 'n addisionele of assistent-landdros met regsbevoegdheid in daardie gebied; (v)

(x) ,,Minister" die Minister van Samewerking en Ontwikkeling; (xiv)

(xi) ,,ontwikkelingsraad" 'n administrasieraad ooreenkomstig die bedoeling van die Wet op die Administrasie van Swart Sake, 1971 (Wet No. 45 van 1971); (vii)

(xii) ,,plaaslike bestuur" 'n stadsraad of 'n dorpsbestuur; (xi)

# ACT

**To provide for the establishment of local committees, village councils and town councils for Black persons in certain areas; for the appointment of a Director of Local Government; and for incidental matters.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 23 June 1982.)*

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

**1.** In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "accounting officer", in relation to a local authority, means a person who in terms of section 39 is or acts as the accounting officer of a local authority; (xvi)

(ii) "administrator", in relation to a local authority, means the administrator of the province in which the area of such local authority is situated, acting on the advice and with the consent of the executive committee of that province; (i)

(iii) "Black person" means a person who is a Black as defined in section 1 of the Population Registration Act, 1950 (Act No. 30 of 1950); (xviii)

(iv) "chief executive officer", in relation to a town council or a village council, means a person appointed under section 30 (1) as the town clerk of a town council or the village secretary of a village council; (viii)

(v) "commissioner" means—

*(a)* a Commissioner appointed under section 2 (2) of the Black Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), and includes an additional or assistant Commissioner so appointed; or

*(b)* in relation to an area for which no Commissioner contemplated in paragraph *(a)* has been appointed, a magistrate or an additional or assistant magistrate having jurisdiction in that area; (ix)

(vi) "Department" means the Department of Co-operation and Development; (ii)

(vii) "development board" means an administration board within the meaning of the Black Affairs Administration Act, 1971 (Act No. 45 of 1971); (xi)

(viii) "director" means the Director of Local Government referred to in section 3; (iii)

(ix) "Director-General" means the Director-General: Co-operation and Development; (iv)

(x) "executive committee" means the executive committee of a town council, appointed in terms of section 20 (1); (xix)

(xi) "local authority" means a town council or a village council; (xii)

(xii) "local committee" means a committee established under section 5 (1); (xiv)

(xiii) ,,plaaslike bestuursliggaam" 'n instelling of liggaam beoog in artikel 84 (1) *(f)* van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961); (xiii)

(xiv) ,,plaaslike komitee" 'n komitee kragtens artikel 5 (1) ingestel; (xii)

(xv) ,,regulasie" 'n regulasie kragrens artikel 56 van hierdie Wet uitgevaardig; (xvi)

(xvi) ,,rekenpligtige beampte", met betrekking tot 'n plaaslike bestuur, iemand wat ingevolge artikel 39 die rekenpligtige beampte van 'n plaaslike bestuur is of as sodanig waarneem; (i)

(xvii) ,,stadsraad" 'n stadsraad kragtens subartikel (1) *(a)* of *(b)* van artikel 2 ingestel, en ook 'n stadsraad waaraan die status van grootstadsraad kragtens subartikel (1) *(c)* van daardie artikel toegeken is; (xviii)

(xviii) ,,Swart persoon" iemand wat 'n Swarte is soos omskryf in artikel 1 van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet No. 30 van 1950); (iii)

(xix) ,,uitvoerende komitee" die uitvoerende komitee van 'n stadsraad, ingevolge artikel 20 (1) aangestel; (x)

(xx) ,,voorgeskryf" by regulasie voorgeskryf. (xv)

Instelling van stadsrade en dorpsbesture.

**2.** (1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

*(a)* na oorlegpleging met die administrateur van die provinsie waarin, en met die ontwikkelingsraad in die administrasiegebied waarvan, die betrokke gebied geleë is, 'n stadsraad of 'n dorpsbestuur onder 'n naam in die kennisgewing vermeld, instel vir 'n gebied in die kennisgewing omskryf wat bestaan uit een of meer dorpe of 'n gedeelte of gedeeltes van 'n dorp of dorpe;

*(b)* 'n dorpsbestuur of twee of meer dorpsbesture op versoek van of na oorlegpleging met daardie dorpsbestuur of dorpsbesture ontbind en 'n stadsraad onder 'n naam in die kennisgewing vermeld, instel vir die gebied waarvoor daardie dorpsbestuur of dorpsbesture ingestel was;

*(c)* die naam van 'n stadsraad of 'n dorpsbestuur verander of die status van grootstadsraad aan 'n stadsraad toeken;

*(d)* die regsgebied van 'n stadsraad of dorpsbestuur, na oorlegpleging met die betrokke stadsraad of dorpsbestuur, verander deur enige gedeelte daarvan uit te sluit of 'n dorp of gedeelte van 'n dorp daarby te voeg;

*(e)* 'n stadsraad of dorpsbestuur op versoek van of na oorlegpleging met daardie stadsraad of dorpsbestuur ontbind indien die behoefte daaraan na die Minister se oordeel nie meer bestaan nie.

(2) 'n Stadsraad of dorpsbestuur kragtens subartikel (1) ingestel, is 'n regspersoon.

(3) 'n Kennisgewing in subartikel (1) bedoel, kan voorts—

*(a)* in die geval van 'n dorpsbestuur wat kragtens paragraaf *(b)* van daardie subartikel ontbind word, bepaal—

(i) dat iets wat deur daardie dorpsbestuur kragtens hierdie Wet gedoen is, na sy ontbinding geag word gedoen te wees deur die stadsraad wat ingestel word ten opsigte van die gebied waarvoor daardie dorpsbestuur ingestel was;

(ii) dat die bates, laste, regte en verpligtinge van daardie dorpsbestuur vanaf die datum waarop die stadsraad ingestel word, oorgaan op daardie stadsraad;

(iii) dat iemand wat onmiddellik voor die ontbinding van die dorpsbestuur 'n aanstelling as 'n werknemer van die dorpsbestuur gehou het, vanaf die datum waarop die stadsraad ingestel word en behoudens die voorwaardes en ooreenkomstig die voorskrifte in die kennisgewing vermeld, deur die stadsraad in 'n pos op sy diensstaat aangestel moet word;

(xiii) "local government body" means an institution or body contemplated in section 84 (1) *(f)* of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961); (xiii)

(xiv) "Minister" means the Minister of Co-operation and Development; (x)

(xv) "prescribed" means prescribed by regulation; (xx)

(xvi) "regulation" means a regulation made under section 56 of this Act; (xv)

(xvii) "this Act" includes the regulations; (vii)

(xviii) "town council" means a town council established under subsection (1) *(a)* or *(b)* of section 2, and includes a town council to which the status of city council was awarded under subsection (1) *(c)* of that section; (xvii)

(xix) "township" means any area of land defined and set apart under section 2 (1) *(a)* or *(b)* of the Blacks (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945); (v)

(xx) "village council" means a village council established under section 2 (1) *(a)*. (vi)

Establishment of town councils and village councils.

**2.** (1) The Minister may by notice in the *Gazette*—

*(a)* after consultation with the administrator of the province in which, and with the development board in the administration area of which, the area in question is situated, establish under a name mentioned in the notice a town council or a village council for an area defined in the notice consisting of one or more townships or a portion or portions of a township or townships;

*(b)* dissolve any village council or two or more village councils at the request of or after consultation with that village council or those village councils and establish under a name mentioned in the notice a town council for the area for which that village council was or those village councils were established;

*(c)* alter the name of a town council or a village council or award the status of city council to a town council;

*(d)* alter the area of jurisdiction of a town council or village council, after consultation with the town council or village council concerned by excluding therefrom any portion thereof or by adding thereto a township or portion of a township;

*(e)* dissolve a town council or village council at the request of or after consultation with that town council or village council if in the opinion of the Minister the need for it no longer exists.

(2) A town council or village council established under subsection (1) shall be a juristic person.

(3) A notice referred to in subsection (1) may in addition—

*(a)* in the case of a village council which is dissolved under paragraph *(b)* of that subsection, provide—

(i) that anything done by that village council under this Act shall after its dissolution be deemed to have been done by the town council which is established in respect of the area for which that village council was established;

(ii) that the assets, liabilities, rights and obligations of that village council shall as from the date on which that town council is established devolve upon that town council;

(iii) that any person who immediately before the dissolution of that village council held an appointment as an employee of that village council shall as from the date on which that town council is established and subject to such conditions and in accordance with such directives as may be contained in the notice be appointed by the town council to a post under its establishment;

*(b)* in die geval van 'n dorpsbestuur of stadsraad wat kragtens paragraaf *(e)* van bedoelde subartikel ontbind is, voorsiening maak—

(i) vir die beredderring van die bates, laste, regte en verpligtinge van daardie dorpsbestuur of stadsraad deur iemand deur die Minister vir dié doel aangewys;

(ii) vir die beskikking oor enige oorblywende bates van daardie dorpsbestuur of stadsraad nadat al sy skulde betaal is.

(4) *(a)* 'n Registrateur soos omskryf in artikel 1 van die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), of in artikel 102 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), na gelang van die geval, moet by voorlegging aan hom van 'n sertifikaat deur die Minister dat 'n reg ten opsigte van onroerende goed in die sertifikaat beskryf uit hoofde van subartikel (3) *(a)* (ii) op 'n stadsraad oorgegaan het, die inskrywings of aantekenings wat hy nodig ag in of op enige tersaaklike register, sertifikaat of ander stuk in sy kantoor of aan hom voorgelê, maak ten einde daardie reg op die naam van daardie stadsraad te registreer.

*(b)* Geen seëlreg, kantoorgelde of ander gelde is ten opsigte van 'n registrasie beoog in paragraaf *(a)* betaalbaar nie.

(5) Indien die Minister die regsgebied van 'n plaaslike bestuur kragtens subartikel (1) *(d)* wil verander, kan hy die betrokke plaaslike bestuur gelas om op eie koste die opmeting van grond wat die Minister bepaal, deur 'n landmeter te laat uitvoer, en indien die plaaslike bestuur versuim om binne 'n redelike tydperk aan die lasgewing te voldoen, kan die Minister daardie opmeting laat uitvoer en die koste daarvan op die plaaslike bestuur verhaal.

Aanstelling en werksaamhede van direkteur.

**3.** (1) Behoudens die wette op die Staatsdiens stel die Minister iemand as Direkteur van Plaaslike Bestuur aan.

(2) Die direkteur moet, onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die Direkteur-generaal—

*(a)* die werksaamhede by hierdie Wet en enige ander wet aan hom opgedra, verrig;

*(b)* die instelling van plaaslike besture of plaaslike komitees vir of in dorpe bevorder;

*(c)* aan plaaslike besture en plaaslike komitees advies gee en die hulp wat die Minister bepaal, verleen in verband met die uitoefening van 'n bevoegdheid of die verrigting van'n werksaamheid of plig by of kragtens hierdie Wet aan 'n plaaslike bestuur of plaaslike komitee opgedra.

Ontbinding van gemeenskapsraad by instelling van plaaslike bestuur.

**4.** (1) Wanneer 'n plaaslike bestuur kragtens artikel 2 ingestel word vir 'n gebied waarvoor 'n gemeenskapsraad kragtens die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet No. 125 van 1977), ingestel is of wat die gebied van so 'n gemeenskapsraad insluit, moet die Minister die betrokke gemeenskapsraad by kennisgewing in die *Staatskoerant* ontbind.

(2) 'n Kennisgewing in subartikel (1) bedoel, kan voorts bepaal dat—

*(a)* die bates, laste, regte en verpligtinge van die gemeenskapsraad waarop dit betrekking het vanaf die datum waarop die plaaslike bestuur ingestel word, op daardie plaaslike bestuur oorgaan;

*(b)* iemand wat onmiddellik voor die ontbinding van daardie gemeenskapsraad 'n aanstelling as 'n werknemer van daardie raad gehou het, vanaf die datum waarop daardie plaaslike bestuur ingestel word en behoudens die voorwaardes en ooreenkomstig die voorskrifte in die kennisgewing vermeld, deur die plaaslike bestuur in 'n pos op sy diensstaat aangestel moet word.

*(b)* in the case of a village council or town council which is dissolved under paragraph *(e)* of the said subsection, provide—

(i) for the winding-up of the assets, liabilities, rights and obligations of that village council or town council by a person designated by the Minister;

(ii) for the disposal of any remaining assets of that village council or town council after all its debts have been paid.

(4) *(a)* A registrar as defined in section 1 of the Blacks (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), or in section 102 of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937), as the case may be, shall on submission to him of a certificate by the Minister that a right in respect of immovable property described in such certificate devolved upon a town council by virtue of subsection (3) *(a)* (ii), make such entries or endorsements as he may deem necessary in or on any relevant register, certificate or other document in his office or laid before him, in order to register such right in the name of that town council.

*(b)* No stamp duty, office or other fees shall be payable in respect of a registration contemplated in paragraph (a).

(5) If the Minister intends to alter the area of jurisdiction of a local authority under subsection (1) *(d)*, he may direct the local authority concerned to cause a survey by a land surveyor of any land determined by the Minister to be carried out at its own expense, and if that local authority fails to comply with that direction within a reasonable period the Minister may cause that survey to be carried out and may recover the costs thereof from the local authority.

Appointment and functions of director.

**3.** (1) Subject to the laws governing the Public Service the Minister shall appoint a person as Director of Local Government.

(2) The director shall, subject to the control and directions of the Director-General—

*(a)* perform the functions assigned to him by this Act and any other law;

*(b)* promote the establishment of local authorities or local committees for or in townships;

*(c)* advise, and give such assistance as may be determined by the Minister to, local authorities and local committees in connection with the exercise of a power or the performance of a function or duty assigned to a local authority or local committee by or under this Act.

Dissolution of community council on establishment of local authority.

**4.** (1) When a local authority is established under section 2 for an area for which a community council has been established under the Community Councils Act, 1977 (Act No. 125 of 1977), or which includes the area of such a community council, the Minister shall dissolve the community council concerned by notice in the *Gazette*.

(2) A notice contemplated in subsection (1) may in addition provide that—

*(a)* the assets, liabilities, rights and obligations of the community council to which it relates shall as from the date on which the local authority is established, devolve upon that local authority;

*(b)* any person who immediately before the dissolution of that community council held an appointment as an employee of that council shall as from the date on which that local authority is established, and subject to such conditions and in accordance with such directives as may be specified in that notice, be appointed by the local authority to a post on its establishment.

Instelling van plaaslike komitees.

**5.** (1) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n plaaslike komitee onder 'n naam in die kennisgewing vermeld, instel vir 'n dorp of gedeelte van 'n dorp waarvoor 'n dorpsbestuur of 'n stadsraad nie ingestel is nie.

(2) 'n Plaaslike komitee is 'n adviserende liggaam wat enige ander gesag kan adviseer oor enige aangeleentheid met betrekking tot die verrigting deur daardie gesag in die komitee se regsgebied van 'n werksaamheid hom by wet opgedra.

(3) Indien die Minister 'n dorpsbestuur vir die gebied van 'n plaaslike komitee instel, moet hy die plaaslike komitee ontbind.

(4) 'n Adviserende Swart komitee ingestel kragtens artikel 21 van die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), en wat uit hoofde van artikel 14 (2) van die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet No. 125 van 1977), voortbestaan het en onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet steeds bestaan, word vanaf sodanige inwerkingtreding geag 'n plaaslike komitee te wees wat kragtens subartikel (1) van hierdie artikel ingestel is, en die gebied waarvoor so 'n adviserende Swart komitee ingestel is, word geag die regsgebied te wees waarvoor so 'n plaaslike komitee geag word ingestel te wees.

Samestelling van plaaslike besture.

**6.** (1) 'n Plaaslike bestuur bestaan uit die getal lede wat die Minister van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal na oorlegpleging, indien daardie getal verander word na die eerste samestelling van die betrokke plaaslike bestuur, met daardie plaaslike bestuur.

(2) *(a)* Die lede van 'n plaaslike bestuur word, behoudens die bepalings van hierdie Wet, regstreeks verkies deur persone wat bevoeg is om in 'n verkiesing van lede van daardie plaaslike bestuur te stem.

*(b)* 'n Lid van 'n plaaslike bestuur beklee, behoudens die bepalings van artikel 9 (1), sy amp as lid tot die einde van die dag voor die eerste verkiesing kragtens artikel 7 (1) wat ten opsigte van daardie plaaslike bestuur na sy verkiesing as lid gehou word.

(3) *(a)* Indien te eniger tyd en om watter rede ook al daar geen verkose lede van 'n plaaslike bestuur is nie of die getal sodanige lede minder is as die getal ingevolge subartikel (1) bepaal, kan die Minister persone wat bevoeg is om verkies te word, as lede van die plaaslike bestuur aanstel om behoudens die bepalings van hierdie subartikel as sodanige lede te dien totdat die vakatures ingevolge artikel 9 (2) deur die verkiesing van lede gevul is.

*(b)* Die getal lede kragtens paragraaf *(a)* aangestel, oorskry nie die getal vakatures in die plaaslike bestuur nie, en elke lid aldus aangestel, word aangestel ten opsigte van 'n vakature deur die Minister aangedui, maar vir die doeleindes van die verkiesing van 'n lid in die betrokke vakature word dit geag nie gevul te wees nie.

*(c)* 'n Lid kragtens paragraaf *(a)* aangestel, beklee sy amp uit hoofde van die aanstelling, behoudens die bepalings van artikel 9 (1), solank dit die Minister behaag, maar in geen geval na die dag onmiddellik voor die verkiesing van 'n lid in die vakature ten opsigte waarvan die aanstelling gedoen is nie.

Verkiesing van lede van plaaslike bestuur.

**7.** (1) 'n Verkiesing om die lede van 'n plaaslike bestuur te verkies, word so gou doenlik na die instelling van daardie plaaslike bestuur gehou, en van tyd tot tyd daarna met tussenpose van hoogstens die voorgeskrewe tydperk wat minstens 3 jaar en hoogstens 5 jaar moet wees.

(2) 'n Verkiesing kragtens subartikel (1) word gehou op die grondslag wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* ten opsigte van die betrokke plaaslike bestuur bepaal: Met dien verstande dat in die geval van 'n tweede of daaropvolgende verkiesing sodanige grondslag bepaal word na oorlegpleging met daardie plaaslike bestuur.

(3) Indien by 'n verkiesing van lede van 'n plaaslike bestuur kragtens subartikel (1) niemand verkies word nie of 'n getal per-

Establishment of local committees.

**5.** (1) The Minister may by notice in the *Gazette* establish a local committee under a name mentioned in the notice for any township or portion of a township for which no village council or town council was established.

(2) A local committee shall be an advisory body which may advise any other authority on any matter relating to the performance by such authority in the committee's area of a function imposed upon it by law.

(3) If the Minister establishes a village council for the area of a local committee he shall dissolve such local committee.

(4) A Black advisory board established under section 21 of the Blacks (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), and which continued to exist by virtue of section 14 (2) of the Community Councils Act, 1977 (Act No. 125 of 1977), and still existing immediately prior to the commencement of this Act, shall as from such commencement be deemed to be a local committee established under subsection (1) of this section, and the area for which such a Black advisory board was established shall be deemed to be the area of jurisdiction for which such a local committee is deemed to be established.

Constitution of local authorities.

**6.** (1) A local authority shall consist of such number of members as may from time to time be determined by the Minister by notice in the *Gazette* after consultation, if that number is altered after the local authority concerned has been constituted for the first time, with that local authority.

(2) *(a)* The members of a local authority shall, subject to the provisions of this Act, be directly elected by persons competent to vote in an election of members of that local authority.

*(b)* A member of a local authority shall, subject to the provisions of section 9 (1), hold office as a member until the end of the day before the first election under section 7 (1) is held in respect of that local authority subsequent to his election as a member.

(3) *(a)* If at any time and for whatever reason there are no elected members of a local authority or the number of such members is less than the number determined under subsection (1), the Minister may appoint persons who are qualified for election, as members of the local authority to serve as such members, subject to the provisions of this subsection, until the vacancies are in terms of section 9 (2) filled by the election of members.

*(b)* The number of members appointed under paragraph *(a)* shall not exceed the number of vacancies in the local authority, and each member so appointed shall be appointed in respect of a vacancy indicated by the Minister, but for the purposes of the election of a member to the vacancy concerned, it shall be deemed not to be filled.

*(c)* A member appointed under paragraph *(a)* shall, subject to the provisions of section 9 (1), hold office by virtue of the appointment during the Minister's pleasure but in no case after the day immediately preceding the election of a member to the vacancy in respect of which the appointment was made.

Election of members of local authority.

**7.** (1) An election to elect the members of a local authority shall be held as soon as may be practicable after the establishment of that local authority, and from time to time thereafter at intervals not exceeding the prescribed period which shall not be less than 3 years or more than 5 years.

(2) An election under subsection (1) shall be held on such basis as may be determined by the Minister by notice in the *Gazette* in respect of the local authority concerned: Provided that in the case of a second or subsequent election such basis shall be determined after consultation with that local authority.

(3) If in any election of members of a local authority under subsection (1) no person is elected or a number of persons is

sone verkies word wat minder is as die getal wat verkies moes word, kan die Minister verklaar dat een of meer vakatures, maar hoogstens soveel as die getal van die lede wat kortkom, in die plaaslike bestuur bestaan, en daarop is die bepalings van artikel 9 (2) en (3) van toepassing.

Kwalifikasies van lede en stemgeregtigdes.

**8.** (1) Niemand is bevoeg om by 'n verkiesing van 'n lid van 'n plaaslike bestuur te stem nie, tensy—

*(a)* hy 'n Swart persoon is of 'n lid is van 'n kategorie persone (behalwe Swart persone) wat die Minister ten opsigte van die betrokke plaaslike bestuur bepaal;

*(b)* hy 'n Suid-Afrikaanse burger is ooreenkomstig die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, 1949 (Wet No. 44 van 1949), of 'n burger is van 'n staat waarvan die gebied voorheen deel van die Republiek uitgemaak het (in hierdie artikel 'n onafhanklike Staat genoem);

*(c)* hy kragtens paragraaf *(a)*, *(b)* of *(c)* van artikel 10 (1) van die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), gemagtig is om te bly in 'n voorgeskrewe gebied bedoel in artikel 9*bis* van daardie Wet en woonagtig is in die gebied van die betrokke plaaslike bestuur, of hy wettiglik in die gebied van die betrokke plaaslike bestuur woonagtig is vir 'n tydperk van minstens 12 maande of die langer tydperk van hoogstens drie jaar, wat die Minister voorskryf;

*(d)* hy ouer as 18 jaar is;

*(e)* sy naam verskyn in 'n kieserslys opgestel en goedgekeur op die voorgeskrewe wyse; en

*(f)* hy nie ingevolge paragraaf *(a)*, *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(e)* of *(f)* van subartikel (2) onbevoeg is om as lid van 'n plaaslike bestuur verkies te word nie;

(2) Niemand is bevoeg om as lid van 'n plaaslike bestuur verkies te word of so 'n lid te wees nie, indien—

*(a)* hy in die Republiek of in die gebied Suidwes-Afrika of in 'n onafhanklike Staat skuldig bevind is aan—

(i) hoogverraad;

(ii) moord; of

(iii) 'n misdryf ingevolge 'n wet wat die bekamping van kommunisme of terrorisme ten doel het, ten opsigte waarvan hy gevonnis is tot 'n tydperk van gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete;

*(b)* hy skuldig bevind is aan 'n korrupte of onwettige bedrywigheid ingevolge die regulasies of 'n verordening kragtens artikel 27 (2) gemaak, en ten opsigte daarvan onbevoeg verklaar is om gedurende enige tydperk as kieser geregistreer te word of by so 'n verkiesing te stem, en genoemde tydperk nie verstryk het nie;

*(c)* hy in die Republiek of in die gebied Suidwes-Afrika of in 'n onafhanklike Staat—

(i) skuldig bevind is aan 'n misdryf (uitgesonderd 'n misdryf in paragraaf *(a)* bedoel) ten opsigte waarvan hy gevonnis is tot 'n tydperk van gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete; of

(ii) beveel is om kragtens die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, 1971 (Wet No. 41 van 1971), of, in die geval van 'n onafhanklike Staat, kragtens 'n wet wat in daardie Staat van toepassing is en die bekamping van die misbruik van afhanklikheidsvormende medisyne en alkoholiese drank ten doel het, aangehou te word;

*(d)* 'n bevel van 'n hof wat hom kranksinnig of geestelik gekrenk of gebrekkig verklaar, op hom van toepassing is;

*(e)* hy kragtens die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet No. 18 van 1973), of, in die geval van 'n onafhanklike Staat, kragtens 'n wet wat in daardie Staat van toepassing is, as 'n geestesongestelde persoon aangehou word;

*(f)* hy in 'n verbeteringskool aangehou word ingevolge 'n bevel uitgevaardig kragtens 'n wet wat in die Republiek of 'n onafhanklike Staat van toepassing is;

elected which is less than the number required to be elected, the Minister may declare that one or more vacancies, but not exceeding the number of the shortfall in the members, exist on the local authority, and thereupon the provisions of section 9 (2) and (3) shall apply.

Qualifications of members and voters.

**8.** (1) No person shall be competent to vote at any election of a member of a local authority unless—

- *(a)* he is a Black person or is a member of a category of persons (other than Black persons) determined by the Minister in respect of the local authority concerned;
- *(b)* he is a South African citizen in accordance with the South African Citizenship Act, 1949 (Act No. 44 of 1949), or a citizen of any state the area of which formerly formed part of the Republic (in this section called an independent State);
- *(c)* he is authorized under paragraph *(a)*, *(b)* or *(c)* of section 10 (1) of the Blacks (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), to remain in a prescribed area referred to in section 9*bis* of that Act and is resident in the area of the local authority concerned, or he has been lawfully resident in the area of the local authority concerned for a period of not less than 12 months or such longer period not exceeding three years as the Minister may prescribe;
- *(d)* he is older than 18 years;
- *(e)* his name appears on a voters' list prepared and approved in the prescribed manner; and
- *(f)* he is not disqualified in terms of paragraph *(a)*, *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(e)* or *(f)* of subsection (2) from being elected as a member of a local authority;

(2) No person shall be competent to be elected as a member of a local authority or to be such a member, if—

- *(a)* he has been convicted in the Republic or in the territory of South West Africa or in an independent State of—
  - (i) treason;
  - (ii) murder; or
  - (iii) an offence under any law which has as its object the combating of communism or terrorism, in respect of which he has been sentenced to a period of imprisonment without the option of a fine;
- *(b)* he has been convicted of any corrupt or illegal practice under the regulations or any by-law made under section 27 (2) and has in respect thereof been declared incapable of being registered as a voter or of voting at any such election during any period, and the said period has not expired;
- *(c)* he has in the Republic or in the territory of South West Africa or in an independent State—
  - (i) been convicted of an offence (except an offence referred to in paragraph *(a)*) in respect of which he has been sentenced to a period of imprisonment without the option of a fine; or
  - (ii) been ordered to be detained under the Abuse of Dependence-producing Substances and Rehabilitation Centres Act, 1971 (Act No. 41 of 1971), or, in the case of an independent State, under any law which is applicable in that State and which has as its object the combating of the abuse of dependence-producing drugs and alcoholic liquor;
- *(d)* he is subject to an order of a court declaring him to be of unsound mind or mentally disordered or defective;
- *(e)* he is detained as a mentally ill person under the Mental Health Act, 1973 (Act No. 18 of 1973), or, in the case of an independent State, under any law which is applicable in that State;
- *(f)* he is detained in a reform school in persuance of an order made under any law applicable in the Republic or in an independent State;

(g) hy onder die ouderdom van 21 jaar is; of
(h) hy ingevolge paragraaf (a), (b) of (c) van subartikel (1) onbevoeg is om by 'n verkiesing van 'n lid van die betrokke plaaslike bestuur te stem.

(3) 'n Lid van 'n plaaslike bestuur wat kragtens artikel 49 (2) onbevoeg verklaar is om die amp van lid van 'n plaaslike bestuur te beklee, is vir 'n tydperk van vyf jaar na sodanige verklaring nie bevoeg om as so 'n lid verkies of aangestel te word nie.

Ampsontruiming deur lede en vul van vakatures.

**9.** (1) 'n Lid van 'n plaaslike bestuur hou op om lid van die plaaslike bestuur te wees indien hy—
(a) ingevolge artikel 8 (2) onbevoeg word om 'n lid te wees;
(b) van meer as drie agtereenvolgende vergaderings van die plaaslike bestuur afwesig was sonder verlof van die plaaslike bestuur;
(c) kragtens artikel 49 (2) onbevoeg verklaar is om die amp van lid van 'n plaaslike bestuur te beklee; of
(d) as lid van die plaaslike bestuur bedank.

(2) (a) Indien 'n vakature in die amp van lid van 'n plaaslike bestuur ontstaan as gevolg van 'n omstandigheid in subartikel (1) bedoel of die afsterwe van 'n lid, of indien die Minister kragtens artikel 7 (3) verklaar het dat 'n vakature in 'n plaaslike bestuur bestaan, moet die Minister gelas dat 'n verkiesing gehou moet word om die vakature te vul.
(b) 'n Verkiesing kragtens paragraaf (a) word gehou op die grondslag wat die Minister ten opsigte van die betrokke vakature bepaal.

(3) Iemand wat kragtens subartikel (2) in 'n vakature verkies word, beklee, behoudens die bepalings van subartikel (1), sy amp as lid van die plaaslike bestuur tot die einde van die dag voor die eerste verkiesing kragtens artikel 7 (1) wat ten opsigte van daardie plaaslike bestuur na sy verkiesing as lid gehou word.

Verkiesing van burgemeester.

**10.** (1) Een lid van elke plaaslike bestuur word as burgemeester van daardie plaaslike bestuur verkies—
(a) na die eerste verkiesing van lede, deur die lede wat teenwoordig is op 'n spesiale vergadering deur die hoof- uitvoerende beampte vir dié doel belê; en
(b) op die eerste vergadering van die plaaslike bestuur gehou na die verstryking van een jaar na sy verkiesing as burgemeester,

en sodanige verkiesing geskied by volstrekte meerderheid van die lede wat teenwoordig is op daardie vergadering.

(2) Die burgemeester aanvaar onverwyld sy amp en bly, tensy sy amp vroeër vakant raak, in sy amp aan totdat sy opvolger ingevolge subartikel (1) verkies word, en is herkiesbaar.

(3) Die hoof- uitvoerende beampte tree op as voorsitter by die verkiesing van 'n burgemeester en word by die vasstelling van die kworum wat by die betrokke vergadering teenwoordig moet wees, nie in aanmerking geneem nie en is nie geregtig om te stem nie.

(4) Ingeval die amp van burgemeester om 'n ander rede vakant raak as die verstryking van die tydperk waarvoor sodanige burgemeester verkies is, word 'n opvolger op die tweede gewone vergadering gehou nadat die vakature ontstaan het, deur die lede wat teenwoordig is uit hul geledere verkies, en sodanige opvolger aanvaar onverwyld sy amp en dien, tensy sy amp vroeër vakant raak, as burgemeester vir die onverstreke tydperk waarvoor sy voorganger verkies was.

(5) Indien 'n burgemeester om watter rede ook al nie op 'n vergadering in subartikel (4) bedoel, verkies word nie, kan hy op die eerste gewone vergadering van die plaaslike bestuur wat daarna gehou word of op 'n spesiale vergadering deur die hoof-uitvoerende beampte vir dié doel belê, verkies word: Met dien verstande dat sodanige verkiesing nie sonder die goedkeuring van die Minister later as een maand na die datum van die tweede gewone vergadering in subartikel (4) genoem, mag plaasvind nie.

(g) he is under the age of 21 years; or

(h) he is in terms of paragraph *(a)*, *(b)* or *(c)* of subsection (1) disqualified from voting at any election of a member of the local authority concerned.

(3) A member of a local authority declared incompetent under section 49 (2) to hold office as a member of a local authority shall for a period of five years after such declaration not be competent to be elected or appointed as such a member.

**Vacation of office by members and filling of vacancies.**

**9.** (1) A member of a local authority shall cease to be a member of the local authority if he—

*(a)* becomes disqualified in terms of section 8 (2) from being a member;

*(b)* has been absent from more than three consecutive meetings of that local authority without the local authority's leave;

*(c)* is declared incompetent under section 49 (2) to hold office as a member of a local authority; or

*(d)* resigns as a member of that local authority.

(2) *(a)* If a vacancy in the office of a member of a local authority arises from a circumstance referred to in subsection (1) or the death of a member, or if the Minister has under section 7 (3) declared that a vacancy exists on a local authority, the Minister shall direct that an election be held to fill such vacancy.

*(b)* An election under paragraph *(a)* shall be held on such basis as may be determined by the Minister in respect of the vacancy concerned.

(3) Any person elected under subsection (2) in a vacancy shall, subject to the provisions of subsection (1), hold office as a member of the local authority until the end of the day before the first election under section 7 (1) is held in respect of that local authority subsequent to his election as a member.

**Election of mayor.**

**10.** (1) One member of every local authority shall be elected as mayor or that local authority—

*(a)* after the first election of members, by the members present at a special meeting convened by the chief executive officer for that purpose; and

*(b)* at the first meeting of the local authority held subsequent to the expiry of one year after his election as mayor,

and such election shall be by absolute majority of the members present at that meeting.

(2) The mayor shall forthwith enter upon his office and, unless his office is sooner vacated, continue therein until his successor is elected in terms of subsection (1), and he shall be eligible for re-election.

(3) The chief executive officer shall act as chairman at the election of a mayor and shall in determining the quorum necessary for the holding of the meeting concerned not be taken into account and shall not be entitled to vote thereat.

(4) If the office of mayor becomes vacant for any other reason than the expiry of the period for which such mayor was elected, a successor shall, at the second ordinary meeting held after the vacancy occurred, be elected by the members who are present from amongst their ranks, and such successor shall forthwith enter upon his office and serve as mayor for the unexpired period for which his predecessor was elected, unless his office is sooner vacated.

(5) If a mayor for any reason whatsoever is not elected at a meeting referred to in subsection (4), he may be elected at the first ordinary meeting of the local authority held thereafter or at a special meeting convened by the chief executive officer for that purpose: Provided that without the approval of the Minister such election shall not take place later than one month after the date of the second ordinary meeting referred to in subsection (4).

(6) Indien die verkiesing in subartikel (5) bedoel, nie binne die daarin vermelde tydperk plaasvind nie, moet die hoof- uitvoerende beampte oor sodanige feit onverwyld aan die Minister verslag doen, en indien die hoof- uitvoerende beampte versuim om aldus verslag te doen, kan die Minister self daarvan kennis neem.

(7) By ontvangs van 'n verslag ingevolge subartikel (6) of kennisname ingevolge daardie subartikel, kan die Minister die versuim van die plaaslike bestuur kondoneer en gelas dat die verkiesing gehou word op 'n datum deur hom bepaal.

Verkiesing en pligte van onderburgemeester.

**11.** (1) Op 'n vergadering van die plaaslike bestuur gehou ingevolge artikel 10 (1), kies die lede wat teenwoordig is een lid as onderburgemeester van die plaaslike bestuur, en die bepalings van artikel 10 is *mutatis mutandis* op die verkiesing van toepassing.

(2) Die onderburgemeester aanvaar onverwyld sodanige amp en bly, tensy sy amp vroeër vakant raak, in sy amp aan totdat sy opvolger ingevolge subartikel (1) verkies word, en is herkiesbaar.

(3) Indien die amp van onderburgemeester om 'n ander rede vakant raak as die verstryking van die tydperk waarvoor die onderburgemeester verkies is, word 'n opvolger op die tweede gewone vergadering gehou nadat die vakature ontstaan het deur die lede wat teenwoordig is uit hul geledere verkies ooreenkomstig die prosedure in subartikel (1) bepaal, en sodanige opvolger aanvaar onverwyld sy amp en dien, tensy sy amp vroeër vakant raak, as onderburgemeester vir die onverstreke tydperk waarvoor sy voorganger verkies was.

(4) Indien 'n onderburgemeester om watter rede ook al nie soos in hierdie artikel voorgeskryf, verkies word nie, kan hy op die eerste gewone vergadering van die plaaslike bestuur wat daarna gehou word of op 'n spesiale vergadering daarvan deur die hoof- uitvoerende beampte vir dié doel belê, verkies word.

(5) Wanneer die burgemeester afwesig is of nie in staat is om sy werksaamhede te verrig nie of die amp van burgemeester vakant is, neem die onderburgemeester waar as burgemeester gedurende die afwesigheid of onvermoë van die burgemeester of die voortbestaan van die vakature, en die hoof- uitvoerende beampte stel die lede dienooreenkomstig in kennis op die eerste vergadering van die plaaslike bestuur daarna gehou, en dit word in die plaaslike bestuur se notule aangeteken en sodanige aantekening is voldoende magtiging vir alle handelinge verrig deur die onderburgemeester wat die burgemeester bevoeg is om te verrig, vanaf die datum van sodanige afwesigheid of onvermoë van die burgemeester of die vakature totdat die burgemeester sy pligte hervat of 'n nuwe burgemeester verkies word.

Voorsitter.

**12.** (1) Die burgemeester sit voor op elke vergadering van die plaaslike bestuur.

(2) Indien sowel die burgemeester as die onderburgemeester afwesig is of nie in staat is om die werksaamhede van voorsitter te verrig nie, kies die plaaslike bestuur 'n ander lid om as voorsitter waar te neem gedurende bedoelde afwesigheid of onvermoë, en indien dit op so 'n vergadering blyk dat die burgemeester en onderburgemeester albei uit die gebied van die plaaslike bestuur afwesig is of om die een of ander rede nie in staat is om op te tree nie, kan die plaaslike bestuur by besluit aan die voorsitter aldus gekies, volle bevoegdheid verleen om alle handelinge te verrig wat die burgemeester as sodanig kan verrig, totdat òf die burgemeester òf onderburgemeester weer in staat is om op te tree.

Toelaes.

**13.** 'n Plaaslike bestuur kan met die goedkeuring van die direkteur en behoudens die voorwaardes wat die direkteur bepaal—

(*a*) 'n maandelikse toelae aan 'n lid van die plaaslike bestuur betaal;

(*b*) benewens 'n toelae kragtens paragraaf (*a*), aan die burgemeester of onderburgemeester van die plaaslike be-

(6) If the election referred to in subsection (5) does not take place within the period mentioned therein, the chief executive officer shall forthwith furnish the Minister with a report of such fact, and if the chief executive officer fails so to report, the Minister may himself take cognizance thereof.

(7) On receipt of a report made in terms of subsection (6) or having taken cognizance in terms of that subsection, the Minister may condone the failure of the local authority and direct that the election be held on a date determined by him.

Election and duties of deputy mayor.

**11.** (1) At a meeting of the local authority held in terms of section 10 (1), the members present shall elect one member as deputy mayor of the local authority, and the provisions of section 10 shall apply *mutatis mutandis* to the election.

(2) The deputy mayor shall forthwith enter upon such office and, unless his office is sooner vacated, continue therein until his successor is elected in terms of subsection (1), and shall be elegible for re-election.

(3) If the office of deputy mayor becomes vacant for any other reason than the expiry of the period for which the deputy mayor was elected, a successor shall, at the second ordinary meeting held after the vacancy occurred, be elected by the members who are present from amongst their ranks in accordance with the procedure provided for in subsection (1), and such successor shall forthwith enter upon his office and serve as deputy mayor for the unexpired period for which his predecessor was elected, unless his office is sooner vacated.

(4) If a deputy mayor for any reason whatsoever is not elected as provided for in this section, he may be elected at the first ordinary meeting of the local authority held thereafter or at a special meeting thereof convened by the chief executive officer for that purpose.

(5) Whenever the mayor is absent or is unable to perform his functions or the office of mayor is vacant, the deputy mayor shall act as mayor during the absence or incapacity of the mayor or the continuance of the vacancy, and the chief executive officer shall inform the members accordingly at the first meeting of the local authority held thereafter and it shall be recorded in the minutes of the local authority and such record shall be sufficient authority for all acts performed by the deputy mayor which the mayor is empowered to perform, from the date of such absence or incapacity of the mayor or the vacancy until the mayor resumes his duties or a new mayor is elected.

Chairman.

**12.** (1) The mayor shall preside at every meeting of the local authority.

(2) If both the mayor and deputy mayor are absent or unable to perform the functions of chairman, the local authority may elect any other member to act as chairman during such absence or incapacity, and if it appears at such meeting that the mayor and deputy mayor are both absent from the area of the local authority or are for any other reason incapable of acting, the local authority may by resolution confer on the chairman so elected full authority to do all acts which the mayor as such may do, until either the mayor or deputy mayor is again able to act.

Allowances.

**13.** A local authority may with the approval of the director and subject to such conditions as may be determined by the director—

(*a*) pay a monthly allowance to a member of the local authority;

(*b*) in addition to any allowance under paragraph (*a*), pay to the mayor or deputy mayor of the local authority or

stuur of aan 'n lid van sy uitvoerende komitee 'n bykomende maandelikse toelae betaal;

*(c)* 'n bedrag opsysit vir die betaling van uitgawes wat aangegaan word in verband met die verrigting deur die burgemeester en onderburgemeester van hul werksaamhede, met inbegrip van seremoniële, sosiale en ander amptelike verpligtinge wat deur die plaaslike bestuur aan hulle opgedra word.

Vergaderings van plaaslike besture.

**14.** (1) 'n Vergadering van 'n plaaslike bestuur word gehou so dikwels as wat dit nodig word, maar minstens een keer per maand ten opsigte van elf maande van 'n jaar gereken vanaf die eerste dag van Januarie.

(2) Die eerste gewone vergadering van die plaaslike bestuur na 'n verkiesing gehou ingevolge artikel 7 (1), word belê deur die hoof- uitvoerende beampte en op daardie vergadering besluit die plaaslike bestuur oor die datum en uur van sy verdere gewone vergaderings, en daarna belê die hoof- uitvoerende beampte sodanige vergaderings ooreenkomstig daardie besluit of enige wysiging daarvan.

(3) Die burgemeester van 'n plaaslike bestuur kan, behoudens die bepalings van subartikel (1), te eniger tyd, en moet binne sewe dae nadat hy deur minstens een derde van die lede van die plaaslike bestuur of, waar die plaaslike bestuur uit meer as agtien lede bestaan, deur minstens ses lede skriftelik versoek is om dit te doen, 'n spesiale vergadering van die plaaslike bestuur belê.

(4) *(a)* Kennis van die tyd, datum en plek van, en die aangeleenthede wat behandel staan te word op, elke vergadering van die plaaslike bestuur word bestel aan elke lid hetsy persoonlik of deur dit by sy gewone verblyfplek of plek van besigheid af te lewer minstens vier-entwintig uur voor sodanige vergadering: Met dien verstande dat die onopsetlike versuim om so 'n kennisgewing aan 'n lid te bestel, geen afbreuk aan die geldigheid van enige vergadering doen nie.

*(b)* Die kennisgewing bedoel in paragraaf *(a)* word deur die hoof- uitvoerende beampte onderteken.

(5) Elke vergadering van die plaaslike bestuur, uitgesonderd die vergaderings van 'n komitee daarvan of van die plaaslike bestuur in komitee, is vir die publiek en die media toeganklik: Met dien verstande dat wanneer sodanige komitee 'n aangeleentheid behandel wat kragtens artikel 23 (1) *(m)* na hom verwys is, die verrigtinge van sodanige komitee, na goeddunke daarvan, vir die publiek en die pers toeganklik is.

(6) 'n Meerderheid van al die lede van 'n plaaslike bestuur maak 'n kworum vir 'n vergadering van die plaaslike bestuur uit.

(7) Die beslissing van die meerderheid van die lede van 'n plaaslike bestuur wat op 'n vergadering daarvan aanwesig is, maak 'n besluit van die plaaslike bestuur uit, en by 'n staking van stemme oor enige aangeleentheid het die lid wat op die vergadering voorsit benewens sy beraadslagende stem 'n beslissende stem.

(8) Die lede teenwoordig op 'n vergadering van die plaaslike bestuur kan sodanige vergadering van tyd tot tyd verdaag, en indien op 'n vergadering 'n kworum nie teenwoordig is nie moet die aanwesige lede of, indien geen lid aanwesig is nie, die hoofuitvoerende beampte die vergadering verdaag totdat 'n kworum teenwoordig is of tot die datum en uur wat sodanige lede of hoof- uitvoerende beampte bepaal, en kennis van die verdaagde vergadering word gegee soos in subartikel (4) bepaal.

Bywoning van vergaderings deur beamptes van Staat of verteenwoordigers van ontwikkelingsrade.

**15.** 'n Beampte van die Staat of 'n verteenwoordiger van die ontwikkelingsraad binne wie se administrasiegebied die regsgebied van 'n plaaslike bestuur geleë is, kan 'n vergadering van 'n plaaslike bestuur of 'n uitvoerende komitee bywoon, indien die plaaslike bestuur of uitvoerende komitee dit verlang, en aan die verrigtinge deelneem, maar het nie die reg om te stem nie.

to a member of its executive committee an additional monthly allowance;

(c) set aside an amount for meeting expenses incurred in connection with the performance by the mayor and deputy mayor of their functions, including ceremonial, social and other official duties assigned to them by the local authority.

Meetings of local authorities.

**14.** (1) A meeting of a local authority shall be held as often as may be necessary, but at least once a month in respect of eleven months of a year calculated from the first day of January.

(2) The first ordinary meeting of the local authority after an election held in terms of section 7 (1) shall be convened by the chief executive officer, and at that meeting the local authority shall decide upon the date and hour of its further ordinary meetings, and thereafter the chief executive officer shall convene such meetings in accordance with such decision or any amendment thereof.

(3) The mayor of a local authority may, subject to the provisions of subsection (1), at any time, and shall within seven days after having been requested in writing to do so by at least one-third of the members of the local authority or, where the local authority consists of more than eighteen members, by at least six members, convene a special meeting of the local authority.

(4) (a) Notice of the time, date and place of, and the matters to be dealt with at, every meeting of the local authority shall be served on every member either personally or by delivering it to his usual place of residence or place of business at least twenty-four hours before such meeting: Provided that the inadvertent omission to serve such notice on any member shall not affect the validity of any meeting.

(b) The notice referred to in paragraph (a) shall be signed by the chief executive officer.

(5) Every meeting of the local authority, excluding the meetings of any committee thereof or of the local authority in committee, shall be open to the public and the media: Provided that when such committee is dealing with a matter referred to it under section 23 (1) (m) the proceedings of such committee shall, in its discretion, be open to the public and the press.

(6) A majority of all the members of the local authority shall constitute a quorum for any meeting of the local authority.

(7) The decision of the majority of the members of a local authority present at a meeting thereof shall constitute a decision of the local authority, and in the event of an equality of votes relating to any matter the member presiding at the meeting shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

(8) The members present at any meeting of the local authority may from time to time adjourn such meeting, and if at any meeting a quorum is not present, the members present or, if there be no member present, the chief executive officer shall adjourn the meeting until a quorum is present or to such date and hour as such members or chief executive officer may determine, and notice of the adjourned meeting shall be given as provided in subsection (4).

Attendance of meetings by State officials or representatives of development boards.

**15.** An official of the State or a representative of the development board within whose administration area the area of a local authority is situated may attend a meeting of a local authority or an executive committee, if the local authority or executive committee so desires, and participate in the proceedings, but shall not have the right to vote.

Lede moet sekere belange bekend maak.

**16.** (1) 'n Lid van 'n plaaslike bestuur wat 'n belang het by 'n voorgestlede kontrak wat die plaaslike bestuur oorweeg om aan te gaan of 'n belang by 'n kontrak bekom nadat dit deur die plaaslike bestuur aangegaan is, moet volle besonderhede betreffende die aard en omvang van sy belang ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) of (3), na gelang van die geval, aan die plaaslike bestuur bekend maak.

(2) 'n Lid van 'n plaaslike bestuur wat 'n belang het by 'n voorgestelde kontrak in subartikel (1) bedoel, moet—

*(a)* indien die voorgestelde kontrak oorweeg word of gaan word op 'n vergadering van die plaaslike bestuur of 'n komitee van die plaaslike bestuur waarvan hy lid is, sy belang vóór sodanige vergadering by wyse van 'n skriftelike kennisgewing aan die plaaslike bestuur of komitee of andersins op die vergadering bekend maak, of, indien dit om die een of ander rede nie vir hom moontlik is om sy belang voor of op sodanige vergadering bekend te maak nie, moet hy dit doen op die eerste vergadering van die plaaslike bestuur of komitee daarna gehou waarop dit vir hom moontlik is om dit te doen, ongeag of die kontrak aangegaan is of nie; of

*(b)* indien die voorgestelde kontrak nie oorweeg word op 'n vergadering in paragraaf *(a)* bedoel nie of oorweeg word of gaan word op 'n vergadering van 'n komitee van die plaaslike bestuur waarvan hy nie lid is nie, sy belang by wyse van 'n skriftelike kennisgewing aan die plaaslike bestuur bekend maak binne sewe dae na die dag waarop hy vir die eerste keer van die voorgestelde kontrak, of indien die kontrak reeds aangegaan is, van die kontrak, bewus geword het.

(3) 'n Lid van 'n plaaslike bestuur wat 'n belang by 'n kontrak bekom nadat dit deur die plaaslike bestuur aangegaan is, moet sy belang by wyse van 'n skriftelike kennisgewing aan die plaaslike bestuur bekend maak binne sewe dae na die dag waarop hy aldus 'n belang bekom het.

Verbode praktyke.

**17.** (1) Behalwe met die toestemming van die direkteur mag 'n lid of werknemer van 'n plaaslike bestuur nie—

*(a)* enige kommissie, besoldiging of beloning van iemand behalwe die plaaslike bestuur vir of in verband met die verrigting of nie-verrigting van sy werksaamhede as 'n lid of werknemer van die plaaslike bestuur of in verband met 'n transaksie waarby die plaaslike bestuur 'n party is, aanneem nie;

*(b)* 'n transaksie met die plaaslike bestuur in 'n ander hoedanigheid as 'n lid of werknemer van die plaaslike bestuur aangaan nie, tensy sodanige transaksie in verband staan met die verskaffing aan hom van huisvesting in die plaaslike bestuur se regsgebied of die lewering van 'n diens aan hom as inwoner van daardie gebied;

*(c)* werk vir of ten behoewe van die plaaslike bestuur in 'n ander hoedanigheid as 'n lid of werknemer van die plaaslike bestuur verrig nie;

*(d)* namens iemand anders voor die plaaslike bestuur of enige komitee of ander instelling van die plaaslike bestuur verskyn in 'n ander hoedanigheid as 'n lid of werknemer van die plaaslike bestuur nie.

(2) 'n Lid of werknemer van 'n plaaslike bestuur wat enige kommissie, besoldiging of beloning in stryd met die bepalings van subartikel (1) *(a)* aangeneem het, moet aan die plaaslike bestuur 'n bedrag betaal gelykstaande met die bedrag van daardie kommissie, besoldiging of beloning, of waar dit nie uit geld bestaan het nie, die waarde daarvan soos deur die plaaslike bestuur bepaal.

Notule van vergaderings.

**18.** (1) 'n Plaaslike bestuur moet notule van alle verrigtinge op vergaderings van die plaaslike bestuur of enige komitee daarvan in minstens een van die amptelike tale van die Republiek laat hou en binne twee maande na 'n vergadering laat aanteken in een of meer boeke wat vir daardie doel deur die plaaslike bestuur gehou moet word.

Members to disclose certain interests.

**16.** (1) A member of a local authority who is interested in a proposed contract which the local authority considers entering into or becomes interested in a contract after it has been entered into by the local authority shall disclose to the local authority full particulars relating to the nature and extent of his interest in accordance with the provisions of subsection (2) or (3), as the case may be.

(2) A member of a local authority who is interested in a proposed contract referred to in subsection (1) shall—

*(a)* if the proposed contract is or is to be considered at a meeting of the local authority or a committee of the local authority of which he is a member, disclose his interest prior to such meeting by way of a written notice to the local authority or committee or otherwise at such meeting, or, if for any reason it is not possible for him to disclose his interest at or prior to such meeting, he shall do so at the first meeting of the local authority or committee held thereafter at which it is possible for him to do so, irrespective of whether the contract has been entered into or not; or

*(b)* if the proposed contract is not considered at any meeting referred to in paragraph *(a)* or is or is to be considered at a meeting of a committee of the local authority of which he is not a member, disclose his interest by way of a written notice to the local authority within seven days as from the day on which he first became aware of the proposed contract or, if it has already been entered into, of the contract.

(3) A member of a local authority who becomes interested in a contract after it has been entered into by the local authority shall disclose his interest by way of a written notice to the local authority within seven days as from the day on which he so became interested.

Prohibited practices.

**17.** (1) Except with the consent of the director no member or employee of a local authority shall—

*(a)* accept any commission, remuneration or reward from any person other than the local authority for or in connection with the performance or non-performance of his functions as a member or an employee of the local authority or in connection with any transaction to which the local authority is a party;

*(b)* enter into any transaction with the local authority in a capacity other than that of a member or employee of the local authority, unless such transaction is connected with the provision of accommodation to him in the area under the local authority's jurisdiction or the rendering of a service to him as a resident of such area;

*(c)* perform work for or on behalf of the local authority in a capacity other than that of a member or employee of the local authority;

*(d)* appear on behalf of any other person before the local authority or any committee or other institution of the local authority in a capacity other than that of a member or employee of the local authority.

(2) Any member or employee of a local authority who has accepted any commission, remuneration or reward in contravention of the provisions of subsection (1) *(a)* shall pay to the local authority an amount equal to the amount of such commission, remuneration or reward, or where it did not consist of money, the value thereof as determined by the local authority.

Minutes of meetings.

**18.** (1) A local authority shall cause minutes in at least one of the official languages of the Republic to be kept of all proceedings at meetings of the local authority or any committee thereof and to be entered within two months of a meeting in one or more books to be kept for that purpose by the local authority.

(2) Die notule van die verrigtinge op 'n vergadering van 'n plaaslike bestuur moet so gou doenlik, maar nie later nie as die eerste vergadering van die plaaslike bestuur gehou na verstryking van twee maande na die vergadering waarop die notule betrekking het, aan 'n vergadering van die plaaslike bestuur voorgelê word.

(3) 'n Boek of boeke waarin notules aangeteken word, word deur die hoof- uitvoerende beampte van die plaaslike bestuur bewaar en beheer.

(4) 'n Stuk wat heet gesertifiseer te wees deur of namens die hoof- uitvoerende beampte van 'n plaaslike bestuur as 'n ware afskrif van of uittreksel uit 'n notule van 'n vergadering van daardie plaaslike bestuur, is by blote voorlegging daarvan deur enigiemand by enige geregtelike verrigtinge toelaatbaar as getuienis van die plaasvind van enigiets wat volgens daardie stuk op die vergadering plaasgevind het.

Insae in, afskrifte van en uittreksels uit notules.

**19.** (1) Die notule van 'n vergadering van 'n plaaslike bestuur, behalwe die notule van verrigtinge van 'n komitee daarvan of van die plaaslike bestuur in komitee, is te enige redelike tyd beskikbaar vir insae deur 'n belanghebbende persoon.

(2) 'n Plaaslike bestuur moet op versoek van iemand in subartikel (1) bedoel en teen betaling van 'n bedrag wat die plaaslike bestuur met die goedkeuring van die direkteur vasstel aan so iemand 'n afskrif van of uittreksel uit 'n notule wat deur so iemand kragtens daardie subartikel ingesien kan word, verskaf.

Uitvoerende komitees.

**20.** (1) 'n Stadsraad moet 'n komitee, bekend as die uitvoerende komitee, uit sy lede aanstel om met aangeleenthede betreffende die bestuur en administrasie van die stadsraad se sake te handel.

(2) 'n Uitvoerende komitee bestaan uit die getal lede wat minstens drie en hoogstens sewe moet wees, wat die stadsraad met die goedkeuring van die direkteur bepaal.

(3) 'n Stadsraad wys so dikwels as wat dit nodig word een van die lede van sy uitvoerende komitee as die voorsitter en 'n ander as die ondervoorsitter van die komitee aan.

(4) 'n Stadsraad kan met die goedkeuring van die direkteur 'n bevoegdheid by of kragtens hierdie Wet aan hom verleen (behalwe die bevoegdheid om verordeninge te maak, heffings of ander belastings op te lê, geld te leen, 'n bankrekening te oortrek of huurgelde, tariewe of ander vorderings vas te stel) aan sy uitvoerende komitee delegeer of sy uitvoerende komitee magtig om 'n werksaamheid of plig by of kragtens hierdie Wet aan die stadsraad opgedra, te verrig.

(5) 'n Delegering van 'n bevoegdheid kragtens subartikel (4) belet nie die uitoefening van die betrokke bevoegdheid deur die stadsraad self nie.

(6) 'n Lid van 'n uitvoerende komitee hou op om lid van die uitvoerende komitee te wees indien hy—

*(a)* ophou om lid van die stadsraad te wees;

*(b)* van meer as drie agtereenvolgende vergaderings van die uitvoerende komitee afwesig was sonder verlof van die uitvoerende komitee; of

*(c)* kragtens subartikel (7) van sy amp onthef word.

(7) 'n Lid van 'n uitvoerende komitee kan te eniger tyd by besluit wat op 'n vergadering van die plaaslike bestuur deur 'n meerderheid van al die lede van die plaaslike bestuur aangeneem is, van sy amp as lid van die uitvoerende komitee onthef word.

Spesiale komitees.

**21.** (1) 'n Plaaslike bestuur kan met die goedkeuring van die direkteur—

*(a)* uit sy lede een of meer spesiale komitees aanstel en so 'n komitee belas met die werksaamhede en pligte wat hy bepaal;

*(b)* 'n bevoegdheid by of kragtens hierdie Wet aan hom verleen (behalwe die bevoegdheid om verordeninge te maak, heffings of ander belastings op te lê, geld te leen, 'n bankrekening te oortrek of huurgelde, tariewe

(2) The minutes of the proceedings at any meeting of a local authority shall as soon as may be practicable, but not later than the first meeting of the local authority held subsequent to the expiration of two months after the meeting to which the minutes relate, be submitted to a meeting of the local authority.

(3) A book or books in which minutes are entered shall be kept and controlled by the chief executive officer of the local authority.

(4) Any document purporting to be certified by or on behalf of the chief executive officer of a local authority as a true copy of or extract from any minutes of a meeting of that local authority shall on its mere production by any person at any judicial proceedings be evidence of the taking place of anything which according to that document took place at that meeting.

Inspection of, copies of and extracts from minutes.

**19.** (1) The minutes of a meeting of a local authority, excluding the minutes of proceedings of a committee thereof or of the local authority in committee, shall at all reasonable times be available for inspection by any interested person.

(2) A local authority shall at the request of a person referred to in subsection (1) and on payment of an amount fixed by the local authority with the approval of the director, furnish such person with a copy of or extract from minutes which may be inspected by such person under that subsection.

Executive committees.

**20.** (1) A town council shall appoint from among its members a committee, to be known as the executive committee, to deal with matters relating to the management and administration of the town council's affairs.

(2) An executive committee shall consist of such number of members, which shall not be less than three or more than seven, as may be determined by the town council with the approval of the director.

(3) A town council shall as often as it may become necessary designate one of the members of its executive committee as the chairman and another as the vice-chairman of the committee.

(4) A town council may with the approval of the director delegate any power conferred upon it by or under this Act (excluding the power to make by-laws, to impose levies or other taxes, to borrow money, to overdraw a banking account or to fix rentals, tariffs or other charges) to its executive committee or authorize its executive committee to perform any function or duty assigned to the council by or under this Act.

(5) No delegation of a power under subsection (4) shall prevent the exercise of the relevant power by the town council itself.

(6) A member of an executive committee shall cease to be a member of the committee if he—

*(a)* ceases to be a member of the town council;

*(b)* has been absent from three consecutive meetings of the executive committee without the committee's leave; or

*(c)* is removed from office under subsection (7).

(7) A member of an executive committee may at any time be removed from office as a member of the executive committee by resolution passed at a meeting of the local authority by a majority of all the members of the local authority.

Special committees.

**21.** (1) A local authority may with the approval of the director—

*(a)* appoint from among its members one or more special committees and charge any such committee with such functions and duties as it may determine;

*(b)* delegate any power conferred upon it by or under this Act (excluding the power to make by-laws, to impose levies or other taxes, to borrow money, to overdraw a banking account or to fix rentals, tariffs or other

of ander vorderings vas te stel) aan so 'n komitee delegeer of so 'n komitee magtig om 'n plig by of kragtens hierdie Wet aan die plaaslike bestuur opgedra, te verrig.

(2) 'n Delegering van 'n bevoegdheid kragtens subartikel (1) *(b)* belet nie die uitoefening van die betrokke bevoegdheid deur die plaaslike bestuur self nie.

(3) Die vergaderings van 'n spesiale komitee van 'n plaaslike bestuur word gehou volgens reëls deur die plaaslike bestuur bepaal.

Geldigheid van sekere besluite en handelinge.

**22.** (1) Geen besluit deur 'n plaaslike bestuur of 'n plaaslike bestuur in komitee of 'n komitee van 'n plaaslike bestuur geneem of handeling op gesag van 'n plaaslike bestuur of so 'n komitee verrig, is ongeldig nie bloot vanweë 'n vakature in die plaaslike bestuur of komitee of omdat 'n persoon wat nie geregtig is om as lid sitting te neem nie, as lid sitting geneem het toe die besluit geneem of die handeling gemagtig is, indien die besluit geneem of die handeling gemagtig is deur die vereiste meerderheid van die lede wat toe aanwesig was en geregtig was om as lede sitting te neem.

(2) 'n Onreëlmatigheid in die verkiesing of aanstelling van iemand as lid, burgemeester of onderburgemeester van 'n plaaslike bestuur of as lid, voorsitter of ondervoorsitter van 'n komitee van 'n plaaslike bestuur raak nie die geldigheid van 'n handeling wat so iemand kragtens 'n bepaling van hierdie Wet of op gesag van die plaaslike bestuur of so 'n komitee verrig het nie.

Regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte en verpligtinge van plaaslike besture.

**23.** (1) 'n Plaaslike bestuur—

*(a)* kan sy werk laat verrig deur persone wat hy op die voorgeskrewe voorwaardes in diens neem of met wie hy kontrakte aangaan vir die verrigting van besondere werk;

*(b)* kan roerende goed huur of verkry, of verpand, verhuur, verkoop of op 'n ander wyse van die hand sit;

*(c)* kan—

(i) behoudens die bepalings van enige ander wet, onroerende goed, of 'n reg ten opsigte van onroerende goed, in sy gebied verkry;

(ii) onroerende goed bedoel in subparagraaf (i) gebruik, verbeter, ontwikkel, beheer of bestuur of sodanige onroerende goed verhuur of andersins aan iemand beskikbaar stel, of die regte wat hy daarin het, verkoop of op 'n ander wyse van die hand sit;

*(d)* kan met die goedkeuring van die Minister skuldbriewe, effekte of ander sekuriteite verkry, verhipotekeer of van die hand sit;

*(e)* kan patente, lisensies, konsessies, handelsmerke of iets dergeliks verkry of vervreem, en die regte, voorregte en bevoegdhede daaraan verbonde, uitoefen en beskerm;

*(f)* kan rekenings by bank- of ander finansiële instellings open;

*(g)* kan verhandelbare stukke maak, trek, aksepteer, endosseer of verhandel;

*(h)* kan met die goedkeuring van die Minister geld leen of 'n bankrekening oortrek;

*(i)* kan op die voorwaardes wat die Minister goedkeur, geld belê;

*(j)* kan met die goedkeuring van die Minister skenkings doen of aanneem;

*(k)* kan met enigeen saamwerk by die verrigting van 'n handeling wat die plaaslike bestuur regtens kan verrig;

*(l)* is, behoudens die bepalings van hierdie Wet, met betrekking tot—

(i) in die geval van 'n dorpsbestuur, die aangeleenthede in die Bylae uiteengesit wat die Minister van tyd tot tyd met betrekking tot dorpsbesture in die

charges) to any such committee or authorize any such committee to perform any function or duty assigned to the local authority by or under this Act.

(2) No delegation of a power under subsection (1) *(b)* shall prevent the exercise of the relevant power by the local authority itself.

(3) The meetings of a special committee of a local authority shall be conducted according to such rules as may be determined by the local authority.

Validity of certain resolutions and acts.

**22.** (1) No resolution passed by a local authority, a local authority in committee or a committee of a local authority or act performed under the authority of a local authority or any such committee shall be invalid by reason only of a vacancy on the local authority or committee or of the fact that a person who is not entitled to sit as a member sat as a member at the time when the resolution was passed or the act was authorized, if the resolution was passed or the act was authorized by the requisite majority of the members who were present at the time and entitled to sit as members.

(2) No irregularity in the election or appointment of any person as a member, mayor or deputy mayor of a local authority or as a member, chairman or vice-chairman of any committee of a local authority shall affect the validity of an act performed by such person under a provision of this Act or on the authority of the local authority or any such committee.

Rights, powers, functions, duties and obligations of local authorities.

**23.** (1) A local authority—

*(a)* may cause its work to be performed by persons employed by it on the prescribed conditions or with whom it has entered into contracts for the performance of any particular work;

*(b)* may hire or acquire, or hypothecate, let, sell or otherwise dispose of, movable property;

*(c)* may—

(i) subject to the provisions of any other law, acquire immovable property, or any right in respect of immovable property, situated in its area;

(ii) use, improve, develop, control or manage immovable property referred to in subparagraph (i) or let such immovable property or make such immovable property available to any person in any other manner or sell or otherwise dispose of any rights it may have in such immovable property;

*(d)* may with the approval of the Minister acquire, hypothecate or dispose of debentures, stocks or other securities;

*(e)* may acquire or alienate patents, licences, concessions, trade marks or the like, and exercise and protect the rights, privileges and powers attached thereto;

*(f)* may open accounts with banking or other financial institutions;

*(g)* may make, draw, accept, endorse or negotiate negotiable instruments;

*(h)* may with the approval of the Minister borrow money or overdraw a banking account;

*(i)* may on such conditions as may be approved by the Minister invest money;

*(j)* may with the approval of the Minister make or accept donations;

*(k)* may collaborate with any person in the performance of any act which the local authority is by law permitted to perform;

*(l)* shall, subject to the provisions of this Act, with regard to—

(i) in the case of a village council, such matters set forth in the Schedule as the Minister may from time to time by notice in the *Gazette* determine

algemeen of met betrekking tot die betrokke dorpsbestuur by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal; en

(ii) in die geval van 'n stadsraad, al die aangeleenthede in die Bylae uiteengesit,

ten opsigte van sy gebied beklee en belas met alle regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte en verpligtinge wat by of kragtens 'n wet aan 'n ontwikkelingsraad of 'n plaaslike bestuursliggaam ten opsigte van daardie gebied verleen of opgedra is;

*(m)* moet verslag doen aan die Minister, of iemand of 'n inrigting deur die Minister aangewys, oor enige aangeleentheid wat die Minister of so iemand of so 'n inrigting na hom verwys;

*(n)* kan aanbevelings doen—

(i) aan die Minister betreffende die uitvaardiging of toepassing van regulasies ter reëling van 'n aangeleentheid in verband met sy gebied of die inwoners daarvan;

(ii) aan die gepaste onderwysowerheid betreffende 'n aangeleentheid in verband met onderwys in sy gebied;

(iii) aan enige bevoegde gesag in verband met die verskaffing van vervoerdienste of die aanlê van paaie of spoorlyne na of van of in sy gebied, die verskaffing van water of krag aan of die verspreiding daarvan in sy gebied, die oprigting van riool- of waterafvoerstelsels of die verskaffing van pos- of telekommunikasiedienste in sy gebied;

*(o)* kan 'n verteenwoordiger wat ten opsigte van 'n volkseenheid ingevolge artikel 4 van die Wet op die Bevordering van Swart Selfbestuur, 1959 (Wet No. 46 van 1959), erken is, bystaan en van advies dien betreffende aangeleenthede wat die betrokke volkseenheid raak;

*(p)* kan, met die goedkeuring van die Minister, heffings oplê vir die doeleindes wat die plaaslike bestuur bepaal.

(2) Tensy, in die geval van 'n dorpsbestuur, 'n kennisgewing in subartikel (1) *(l)* (i) bedoel, of, in die geval van 'n stadsraad, die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* in die algemeen of in 'n bepaalde geval, anders bepaal, gaan die reg, bevoegdheid, werksaamheid, plig of verpligting waarmee die plaaslike bestuur ingevolge subartikel (1) *(l)* beklee en belas word, ten opsigte van die gebied van daardie plaaslike bestuur op die plaaslike bestuur oor tot uitsluiting van die ontwikkelingsraad of plaaslike bestuursliggaam of enige ander gesag wat ten opsigte van daardie gebied met daardie reg, bevoegdheid, werksaamheid, plig of verpligting onmiddellik voor die publikasie van die kennisgewing kragtens subartikel (1) *(l)* of die instelling van die plaaslike bestuur, na gelang van die geval, beklee en belas was.

Bykomende regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte en verpligtinge van stadsrade.

**24.** (1) Die Staatspresident kan van tyd tot tyd by proklamasie in die *Staatskoerant* aangeleenthede eie aan plaaslike bestuur bepaal ten opsigte waarvan 'n stadsraad kragtens subartikel (2) met regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte of verpligtinge beklee en belas kan word.

(2) Die Minister kan van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* stadsrade in die algemeen of 'n bepaalde stadsraad in die kennisgewing vermeld, ten opsigte van sy gebied of 'n gebied wat deel van sy gebied uitmaak, beklee en belas met enige reg, bevoegdheid, werksaamheid, plig of verpligting—

*(a)* wat die Minister met betrekking tot 'n kragtens subartikel (1) bepaalde aangeleentheid dienstig ag; of

*(b)* wat met betrekking tot so 'n aangeleentheid by of kragtens 'n wet aan 'n ontwikkelingsraad of plaaslike bestuursliggaam verleen of opgedra is.

(3) Tensy 'n kennisgewing bedoel in subartikel (2) anders bepaal, gaan die reg, bevoegdheid, werksaamheid, plig of verpligting waarmee 'n stadsraad kragtens daardie kennisgewing beklee en belas word, ten opsigte van die gebied van daardie stadsraad

with reference to village councils generally or with reference to the village council concerned; and

(ii) in the case of a town council, all the matters set forth in the Schedule,

in respect of its area be invested and charged with all rights, powers, functions, duties and obligations which have been conferred upon or assigned to a development board or any local government body in respect of that area by or under any law;

*(m)* shall report to the Minister or any person or institution designated by the Minister on any matter referred to it by the Minister or such person or institution;

*(n)* may make recommendations—

(i) to the Minister regarding the making or application of regulations for the regulation of any matter in connection with its area or the residents thereof;

(ii) to the appropriate education authority regarding a matter in connection with education in its area;

(iii) to any competent authority in connection with the provision of transport services or the construction of roads or railways to or from or in its area, the supply of water or power to or the distribution thereof in its area, the construction of sewerage or draining systems or the provision of postal or telecommunication services in its area;

*(o)* may assist and advise any representative recognized in respect of any national unit in terms of section 4 of the Promotion of Black Self-Government Act, 1959 (Act No. 46 of 1959), regarding matters affecting the national unit concerned;

*(p)* may, with the approval of the Minister, impose levies for purposes determined by the local authority.

(2) Unless, in the case of a village council, a notice referred to in subsection (1) *(l)* (i) or, in the case of a town council, the Minister by notice in the *Gazette*, generally or in a particular case, otherwise provides, the right, power, function, duty or obligation with which a local authority is invested and charged in terms of subsection (1) *(l)* shall in respect of the area of that local authority devolve upon that local authority to the exclusion of the development board or local government body or any other authority which immediately prior to the publication of the notice under subsection (1) *(l)* (i) or the establishment of the local authority, as the case may be, was invested and charged in respect of that area with that right, power, function, duty or obligation.

Additional rights, powers, functions, duties and obligations of town councils.

**24.** (1) The State President may from time to time by proclamation in the *Gazette* determine matters pertaining to local government in respect of which a town council may be invested and charged with rights, powers, functions, duties or obligations in the manner contemplated in subsection (2).

(2) The Minister may from time to time by notice in the *Gazette* invest and charge town councils generally or any particular town council specified in the notice, in respect of its area or any area forming part of its area, with any right, power, function, duty or obligation—

*(a)* which the Minister deems expedient in relation to any matter determined under subsection (1); or

*(b)* which has been or may be assigned to any development board or any local government body by or under any law.

(3) Unless a notice referred to in subsection (2) otherwise provides, the right, power, function, duty or obligation with which a town council is invested and charged under that notice shall in respect of the area of that town council devolve upon that town

op die stadsraad oor tot uitsluiting van enige ontwikkelingsraad, plaaslike bestuursliggaam of ander gesag wat ten opsigte van daardie gebied met daardie reg, bevoegdheid, werksaamheid, plig of verpligting beklee en belas was onmiddellik voor die publikasie van die kennisgewing of die instelling van die stadsraad, na gelang van die geval.

Bepalings betreffende regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte of verpligtinge van ontwikkelingsrade aan plaaslike besture verleen of opgedra.

**25.** (1) 'n Kennisgewing kragtens subartikel (1) *(l)* van artikel 23 (saamgelees met subartikel (2) van daardie artikel) of artikel 24 waarby 'n plaaslike bestuur beklee en belas word met 'n reg, bevoegdheid, werksaamheid, plig of verpligting wat aan 'n ontwikkelingsraad verleen of opgedra is of kan word of, in die geval van 'n stadsraad wat ingevolge genoemde subartikel (1) *(l)* met so 'n reg, bevoegdheid, werksaamheid, plig of verpligting beklee word, 'n kennisgewing deur die Minister met betrekking tot daardie stadsraad of al sodanige stadsrade in die *Staatskoerant* afgekondig, kan voorts—

*(a)* indien die plaaslike bestuur 'n dorpsbestuur is, voorskrifte bevat betreffende die wyse of voorwaardes waarop of die omstandighede waarin so 'n reg, bevoegdheid, werksaamheid, plig of verpligting deur die dorpsbestuur uitgeoefen kan word of verrig of nagekom moet word;

*(b)* bepaal dat 'n bepaling van 'n wet waarin so 'n reg, bevoegdheid, werksaamheid, plig of verpligting geskep, beskryf of bepaal word, geag word gewysig te wees op 'n wyse in die kennisgewing vermeld vir sover daardie reg, bevoegdheid, werksaamheid, plig of verpligting deur die plaaslike bestuur uitgeoefen, verrig of nagekom word;

*(c)* bepaal dat dié eiendom, boeke, stukke of aantekeninge van die ontwikkelingsraad in die kennisgewing vermeld wat deur die ontwikkelingsraad in verband met die uitoefening van so 'n bevoegdheid of die verrigting van so 'n werksaamheid of plig gebruik is voordat die plaaslike bestuur met daardie bevoegdheid, werksaamheid of plig beklee en belas was, op die plaaslike bestuur oorgaan behoudens die voorwaardes in die kennisgewing vermeld, met inbegrip van voorwaardes (as daar is) betreffende die betaling van vergoeding deur die plaaslike bestuur aan die ontwikkelingsraad.

(2) *(a)* 'n Kennisgewing in subartikel (1) bedoel, kan te eniger tyd deur die Minister na oorlegpleging met die plaaslike bestuur waarop die kennisgewing betrekking het, gewysig of ingetrek word.

*(b)* Indien 'n plaaslike bestuur uit hoofde van enige wysiging of die intrekking van 'n kennisgewing kragtens paragraaf *(a)* ontdoen of onthef word van 'n reg, bevoegdheid, werksaamheid, plig of verpligting, val daardie reg, bevoegdheid, werksaamheid, plig of verpligting terug na die gesag wat onmiddellik voor die oordrag daarvan aan die plaaslike bestuur met die uitoefening, verrigting of nakoming daarvan beklee of belas was.

(3) 'n Plaaslike bestuur word nie ontdoen of onthef van 'n reg, bevoegdheid, werksaamheid, plig of verpligting waarmee hy soos bedoel in subartikel (1) beklee en belas is bloot vanweë die uitsluiting van die regsgebied van daardie plaaslike bestuur uit die administrasiegebied van die betrokke ontwikkelingsraad kragtens artikel 2 (3) van die Wet op die Administrasie van Swart Sake, 1971 (Wet No. 45 van 1971), of bloot vanweë die afskaffing van daardie ontwikkelingsraad nie.

Aansluiting van afvoerslote, riole, pype, kraglyne, paaie ens., by stelsels buite 'n plaaslike bestuur se regsgebied.

**26.** (1) 'n Plaaslike bestuur wat 'n werksaamheid beoog in artikel 23 (1) *(l)* verrig, kan na kennisgewing aan 'n plaaslike bestuursliggaam en met die toestemming van daardie plaaslike bestuursliggaam en onderworpe aan die voorwaardes waaroor daardie plaaslike bestuur en daardie plaaslike bestuursliggaam ooreenkom—

*(a)* 'n afvoersloot, riool, pyp, water- of ander hoofleiding of kraglyn op grond onder dié plaaslike bestuur se beheer, verbind met 'n afvoersloot, riool, pyp, water- of

council to the exclusion of any development board, local government body or other authority which immediately prior to the publication of the notice or the establishment of the town council, as the case may be, was invested and charged in respect of that area with that right, power, function, duty or obligation.

Provisions relating to rights, powers, functions, duties or obligations of development boards conferred upon or assigned to local authorities.

**25.** (1) A notice under subsection (1) *(l)* of section 23 (read with subsection (2) of that section) or section 24 investing and charging a local authority with a right, power, function, duty or obligation conferred upon or assigned to or which may be conferred upon or assigned to a development board or, in the case of a town council vested with any such right, power, function, duty or obligation in terms of the said subsection (1) *(l)*, a notice published in the *Gazette* by the Minister with reference to such town council or all such town councils, may in addition—

*(a)* if such local authority is a village council, contain directions with respect to the manner in which, the conditions on which or the circumstances in which any such right, power, function, duty or obligation may be exercised or shall be performed or fulfilled by the village council;

*(b)* provide that a provision of any law creating, describing or determining any such right, power, function, duty or obligation shall be deemed to be amended in a manner specified in the notice in so far as that right, power, function, duty or obligation is exercised, performed or fulfilled by the local authority;

*(c)* provide that such property, books, documents or records of the development board as may be specified in the notice and as were used by the development board in connection with the exercise of any such power or the performance of any such function or duty before the local authority was invested and charged with that power, function or duty, shall devolve upon the local authority subject to such conditions as may be specified in the notice, including conditions (if any) relating to the payment of compensation by the local authority to the development board.

(2) *(a)* A notice referred to in subsection (1) may at any time be amended or withdrawn by the Minister after consultation with the local authority to which the notice relates.

*(b)* If a local authority is divested of or exempted from any right, power, function, duty or obligation by virtue of any amendment or the withdrawal of a notice under paragraph *(a)* that right, power, function, duty or obligation shall revert to that authority which immediately prior to the transfer thereof to the local authority was invested and charged with the exercise, performance or fulfilment thereof.

(3) A local authority shall not be divested of or exempted from any right, power, function, duty or obligation with which it was invested and charged as contemplated in subsection (1) by reason only of the exclusion of that local authority's area of jurisdiction from the administration area of the development board concerned under section 2 (3) of the Black Affairs Administration Act, 1971 (Act No. 45 of 1971), or by reason only of the abolition of that development board.

Connection of drains, sewers, conduits, power lines, roads, etc., to systems outside a local authority's area.

**26.** (1) A local authority performing a function contemplated in section 23 (1) *(l)* may, after notice to any local government body and with the consent of that local government body and subject to such conditions as may be agreed upon between that local authority and that local government body—

*(a)* connect any drain, sewer, conduit, water or other main or power line on land under the control of that local authority, to any drain, sewer, conduit, water or other

ander hoofleiding of kraglyn in die omgewing van daardie grond wat onder daardie plaaslike bestuursliggaam se beheer is;

(b) 'n pad, straat of deurgang op daardie grond verbind met 'n pad, straat of deurgang wat deur daardie plaaslike bestuursliggaam beheer word,

vir sover as wat redelikerwys doenlik en nodig mag wees om essensiële dienste te voorsien op daardie grond of om gerieflike toegang tot of uitgang vanaf daardie grond te verleen, en kan vir die doeleindes van paragraaf *(a)* van daardie plaaslike bestuursliggaam of sy werknemers die hulp of inligting eis wat daardie plaaslike bestuur vir die doeltreffende uitoefening van sy bevoegdhede kragtens daardie paragraaf nodig ag.

(2) Bedoelde plaaslike bestuursliggaam moet sover redelikerwys doenlik en onderworpe aan die voorwaardes en op die wyse waaromtrent daar deur die plaaslike bestuur en daardie plaaslike bestuursliggaam ooreengekom word, by 'n aansluiting kragtens subartikel (1) gemaak, water en elektrisiteit verskaf en aldaar water of rioolslyk ontvang, en die ander dienste wat die plaaslike bestuur verlang en wat normaalweg deur daardie plaaslike bestuursliggaam verskaf word, voorsien op dieselfde wyse en op dieselfde voorwaardes as ten opsigte van grond binne die regsgebied van daardie plaaslike bestuursliggaam: Met dien verstande dat die vorderings ten opsigte van sodanige dienste bereken, nie sonder die magtiging van die Minister hoër mag wees nie as die werklike koste verbonde aan die verskaffing van sodanige dienste en in elk geval nie hoër mag wees nie as die gewone vorderings (waar dié meer as die werklike koste is) bereken vir dergelike dienste ten opsigte van 'n gebied binne die regsgebied van daardie plaaslike bestuursliggaam voorsien.

(3) Die onkoste deur 'n plaaslike bestuursliggaam aangegaan ten einde aan 'n bepaling van subartikel (1) of (2) gevolg te gee of te voldoen, moet deur die betrokke plaaslike bestuur aan hom terugbetaal word.

(4) Wanneer 'n toestemming ingevolge subartikel (1) vereis, weerhou word of onderworpe gestel word aan voorwaardes wat vir die betrokke plaaslike bestuur onaanneemlik is, of 'n geskil tussen daardie plaaslike bestuur en die betrokke plaaslike bestuursliggaam ten opsigte van die uitvoering van 'n ander bepaling van subartikel (1) of van 'n bepaling van subartikel (2) ontstaan, kan die aangeleentheid deur daardie plaaslike bestuur of daardie plaaslike bestuursliggaam na die Minister verwys word, wie se beslissing daaromtrent afdoende is.

(5) Die Minister gee nie 'n beslissing kragtens subartikel (4) nie behalwe na oorlegpleging—

*(a)* indien die plaaslike bestuursliggaam by of kragtens 'n provinsiale ordonnansie ingestel is, met die administrateur van die betrokke provinsie;

*(b)* indien die plaaslike bestuursliggaam by of kragtens 'n Parlementswet ingestel is, met die Minister aan wie die uitvoering van die betrokke wet opgedra is.

(6) In hierdie artikel beteken ,,plaaslike bestuursliggaam" 'n plaaslike bestuursliggaam soos omskryf in artikel 1 en ook 'n ontwikkelingsraad en 'n plaaslike bestuur.

Verordeninge.

**27.** (1) 'n Plaaslike bestuur kan, behoudens die bepalings van hierdie Wet, verordeninge met die goedkeuring van die Minister maak oor 'n aangeleentheid waaroor hy bevoegdheid het.

(2) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet, kan 'n plaaslike bestuur verordeninge maak oor enige aangeleentheid in subartikel (1) *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(f)*, *(g)*, *(h)* of *(m)* van artikel 56 genoem, en 'n verordening kragtens hierdie subartikel gemaak kan enige bepaling in verband met korrupte of onwettige bedrywighede bevat wat in subartikel (3) van daardie artikel beoog word.

(3) Verordeninge kragtens hierdie artikel gemaak, kan ten opsigte van 'n oortreding daarvan of 'n versuim om daaraan te voldoen 'n straf bepaal wat 'n boete van R250 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van drie maande nie te bowe gaan nie.

(4) Verordeninge kragtens hierdie artikel gemaak, word deur die Minister in die *Staatskoerant* afgekondig.

main or power line in the vicinity of that land which is under the control of that local government body;

(b) connect any road, street or thoroughfare on that land to any road, street or thoroughfare controlled by that local government body,

in so far as may be reasonably practicable and necessary for the purpose of providing essential services on that land or ensuring convenient entrance to or exit from that land, and may for the purpose of paragraph *(a)* require that local government body or its servants to furnish any assistance or information which that local authority may consider necessary for the effective exercise of its powers under that paragraph.

(2) The said local government body shall, in so far as may be reasonably practicable, and subject to such conditions and in such manner as may be agreed upon between that local authority and that local government body, supply water and electricity from and receive water or sewage at any connection made under subsection (1), and provide such other services as may be required by the local authority and as are normally supplied by that local government body, in the same manner and on the same conditions as in respect of land within the jurisdiction of that local government body: Provided that any charges made in respect of any such services shall not, without the authority of the Minister, exceed the actual cost of providing such services, and shall in any event not exceed the ordinary charges (where these exceed the actual cost) for similar services provided in respect of an area within the jurisdiction of that local government body.

(3) Any expenditure incurred by a local government body in giving effect to or complying with a provision of subsection (1) or (2) shall be refunded to it by the local authority concerned.

(4) Where any consent required in terms of subsection (1) is withheld or is made subject to conditions unacceptable to the local authority concerned, or any difference arises between that local authority and the local government body concerned in respect of the carrying out of any other provision of subsection (1), or of any provision of subsection (2), the matter may be referred by that local authority or that local government body to the Minister, whose decision thereon shall be final.

(5) The Minister shall not give any decision under subsection (4) except after consultation—

*(a)* if the local government body has been established by or under a provincial ordinance, with the administrator of the province concerned;

*(b)* if the local government body has been established by or under an Act of Parliament, with the Minister to whom the administration of the Act in question has been assigned.

(6) In this section "local government body" means a local government body as defined in section 1 and also a development board and a local authority.

**27.** (1) A local authority may, subject to the provisions of this Act, make by-laws with the approval of the Minister on any matter within its powers. By-laws.

(2)Notwithstanding anything to the contrary in this Act contained, a local authority may make by-laws on any matter mentioned in subsection (1) *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(f)*, *(g)*, *(h)* or *(m)* of section 56, and a by-law made under this subsection may contain any provision contemplated in subsection (3) of that section in connection with corrupt or illegal practices.

(3) By-laws made under this section may in respect of any contravention thereof or failure to comply therewith provide for a penalty not exceeding a fine of R250 or imprisonment for a period of three months.

(4) By-laws made under this section shall be published by the Minister in the *Gazette*.

Oorvleuelende bevoegdhede, werksaamhede en pligte.

**28.** Wanneer 'n bevoegdheid uitgeoefen of 'n werksaamheid of plig verrig deur 'n gesag in of ten opsigte van 'n gebied waarvoor 'n plaaslike bestuur ingestel is, dieselfde of wesenlik dieselfde is as 'n bevoegdheid uitgeoefen of 'n werksaamheid of plig verrig deur die plaaslike bestuur van daardie gebied, kan die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar dat die plaaslike bestuur vanaf 'n datum in die kennisgewing vermeld daardie bevoegdheid, werksaamheid of plig in of ten opsigte van die betrokke gebied kan uitoefen of verrig tot uitsluiting van sodanige ander gesag, en daarop hou bedoelde gesag, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, vanaf die datum aldus vermeld op om daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie werksaamheid of plig te verrig in of ten opsigte van die betrokke gebied.

Versuim deur plaaslike bestuur om sy werksaamhede te verrig.

**29.** (1) *(a)* Indien die Minister van oordeel is—

(i) dat 'n oogmerk van hierdie Wet verydel word deur 'n plaaslike bestuur se versuim om 'n bevoegdheid, werksaamheid of plig wat by of kragtens hierdie Wet aan hom opgedra is, uit te oefen of te verrig (met inbegrip van 'n versuim om voldoende vorderings te maak ten opsigte van dienste gelewer deur sodanige plaaslike bestuur of om finansiële of leningsverpligtinge na te kom); of

(ii) dat 'n plaaslike bestuur 'n handeling verrig het of 'n versuim begaan het wat onwettig is of op wanbestuur kan uitloop,

kan hy daardie plaaslike bestuur gelas, nadat hy die plaaslike bestuur die geleentheid gebied het om vertoë tot hom te rig, om binne sodanige tydperk sodanige besluit te neem of verordening te maak of stappe te doen as wat die Minister nodig ag.

*(b)* Indien die plaaslike bestuur versuim om aan 'n lasgewing kragtens paragraaf *(a)* te voldoen, kan die Minister—

(i) self die stappe doen wat hy gepas ag om sodanige verydeling te verwyder of sodanige onwettige handeling of versuim reg te stel of sodanige wanadministrasie te verhinder;

(ii) enige ander persoon of liggaam magtig om namens die plaaslike bestuur aan daardie lasgewing te voldoen.

*(c)* Koste deur die Minister of 'n persoon of liggaam uit hoofde van paragraaf *(b)* aangegaan, is deur die betrokke plaaslike bestuur betaalbaar of op hom verhaalbaar.

(2) *(a)* Indien die Minister van oordeel is dat die geldsake van 'n plaaslike bestuur in 'n ongesonde toestand geraak het, kan hy daardie plaaslike bestuur gelas om die stappe vir die herstel van die toestand te doen wat die Minister nodig ag.

*(b)* Indien die plaaslike bestuur versuim om die nodige stappe ooreenkomstig die lasgewing van die Minister te doen binne 'n tydperk deur die Minister bepaal, kan die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* en met ingang van 'n datum in die kennisgewing bepaal—

(i) die persone wat dan lede van die plaaslike bestuur is van hul amp onthef; of

(ii) die plaaslike bestuur ontbind.

*(c)* Die Minister kan, indien hy kragtens paragraaf *(b)* (i) die lede van die plaaslike bestuur van hul amp onthef het, by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

(i) gelas dat 'n verkiesing ten opsigte van daardie plaaslike bestuur op 'n datum in die kennisgewing vermeld, gehou word;

Overlapping powers, functions and duties.

**28.** Whenever a power excercised or a function or duty performed by any authority in or in respect of an area for which a local authority has been established, is the same or substantially the same as a power exercised or a function or duty performed by the local authority of that area, the Minister may by notice in the *Gazette* declare that the local authority from a date specified in the notice may exercise or perform that power, function or duty in or in respect of the area in question to the exclusion of such other authority, and thereupon the said authority shall, notwithstanding anything to the contrary contained in any law, from the date so specified cease to exercise that power or to perform that function or duty in or in respect of the area in question.

Failure by local authority to perform its functions.

**29.** (1) *(a)* If the Minister is of the opinion—

(i) that any object of this Act is frustrated by a local authority's failure to exercise or perform a power, function or duty assigned to it by or under this Act (including a failure to make adequate charges in respect of services rendered by such local authority or to meet financial or loan commitments); or

(ii) that a local authority committed an act or omission which is unlawful or which may result in maladministration,

he may direct such local authority, after he has given the local authority an opportunity to submit representations to him, to take such resolution or to make such by-law or to take such action within such period as the Minister may consider necessary.

*(b)* If a local authority fails to comply with a direction under paragraph *(a)* the Minister may—

(i) himself take such action as he may consider appropriate to eliminate such frustration or to rectify such unlawful act or omission or to prevent such maladministration;

(ii) authorize any other person or body to comply with such direction on behalf of such local authority.

*(c)* Costs incurred by the Minister or by a person or body by virtue of paragraph *(b)* shall be payable by or recoverable from the local authority concerned.

(2) *(a)* If the Minister is of the opinion that the finances of a local authority have become unsound he may direct that local authority to take such steps as the Minister may at his discretion determine for restoring the position.

*(b)* If the local authority fails to take the necessary steps in accordance with the Minister's direction within a period determined by him, the Minister may by notice in the *Gazette* and with effect from a date determined in the notice—

(i) remove from office the persons who are then members of the local authority; or

(ii) dissolve the local authority.

*(c)* The Minister may, if he has under paragraph *(b)* (i) removed from office the members of a local authority, by notice in the *Gazette*—

(i) direct that an election be held in respect of such local authority on a date specified in the notice;

(ii) een of meer persone aanwys om gedurende 'n tydperk in die kennisgewing vermeld die sake van die plaaslike bestuur te bestuur en te beheer en om die regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte en verpligtinge van die plaaslike bestuur namens die plaaslike bestuur uit te oefen, te verrig en na te kom;

(iii) 'n tydperk bedoel in subparagraaf (ii) verleng; of

(iv) na verstryking van 'n tydperk bedoel in subparagraaf (ii) of soos verleng kragtens subparagraaf (iii), gelas dat 'n verkiesing ten opsigte van daardie plaaslike bestuur op 'n datum in die kennisgewing vermeld, gehou word.

*(d)* Die bepalings van artikel 2 (3) *(b)* is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die ontbinding van 'n plaaslike bestuur kragtens paragraaf *(b)* (ii), en by sodanige toepassing word 'n verwysing na 'n kennisgewing in daardie artikel uitgelê as 'n verwysing na 'n kennisgewing kragtens paragraaf *(b)* (ii) van hierdie artikel uitgereik.

(3) 'n Bevoegdheid, werksaamheid of plig wat uitgeoefen of verrig word deur die Minister of 'n persoon of liggaam soos kragtens of by subartikel (1) *(b)* gemagtig, of 'n reg, bevoegdheid, werksaamheid, plig of verpligting wat uitgeoefen, verrig of nagekom word deur 'n persoon of persone soos kragtens of by subartikel (2) *(c)* (ii) gemagtig, word vir alle doeleindes geag deur die betrokke plaaslike bestuur uitgeoefen, verrig of nagekom te wees.

Hoof- uitvoerende beamptes.

**30.** (1) 'n Plaaslike bestuur moet iemand, in die geval van 'n plaaslike bestuur wat 'n stadsraad is, as die stadsklerk van daardie stadsraad, of, in die geval van 'n plaaslike bestuur wat 'n dorpsbestuur is, as die dorpsekretaris van daardie dorpsbestuur, aanstel.

(2) Die stadsklerk van 'n stadsraad is die hoof- uitvoerende beampte van dié stadsraad en die dorpsekretaris van 'n dorpsbestuur is die hoof- uitvoerende beampte van dié dorpsbestuur.

(3) Die hoof- uitvoerende beampte is, onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die plaaslike bestuur, verantwoordelik vir die uitvoering van die plaaslike bestuur se besluite en die administrasie van die plaaslike bestuur se sake.

(4) Die hoof- uitvoerende beampte word nie van sy amp onthef of uit die diens van die plaaslike bestuur ontslaan nie, en sy besoldiging of toelae (as daar is) word nie verminder nie, behalwe op gesag van 'n besluit wat deur die meerderheid van al die lede van die plaaslike bestuur op 'n vergadering wat spesiaal vir dié doel belê is, aangeneem is, en tensy die Minister die ontheffing, ontslag of vermindering goedgekeur het.

Departemente.

**31.** (1) 'n Plaaslike bestuur kan vir die doeltreffende verrigting van sy werksaamhede twee of meer departemente in sy administrasie skep en elke departement belas met die werksaamhede en pligte wat hy bepaal.

(2) 'n Plaaslike bestuur moet vir elke departement kragtens subartikel (1) deur hom geskep iemand as hoof van daardie departement aanstel.

(3) 'n Departementshoof is verantwoordelik vir die administrasie van sy departement en verrig sy werksaamhede onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die hoof- uitvoerende beampte van die plaaslike bestuur.

(4) Die bepalings van artikel 30 (4) is *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n departementshoof van toepassing.

(ii) designate one or more persons to manage and control the affairs of such local authority and on behalf of such local authority to exercise, perform and fulfil the rights, powers, functions, duties and obligations of such local authority during a period specified in the notice;

(iii) extend any period referred to in subparagraph (ii); or

(iv) after the expiration of a period referred to in subparagraph (ii) or as extended under subparagraph (iii) direct that an election be held in respect of such local authority on a date specified in the notice.

*(d)* The provisions of section 2 (3) *(b)* shall *mutatis mutandis* apply in respect of the dissolution of a local authority under paragraph *(b)* (ii), and in any such application any referrence to a notice in that section shall be construed as a notice issued under paragraph *(b)* (ii) of this section.

(3) A power, function or duty exercised or performed by the Minister or a person or body as may be authorized under or by subsection (1) *(b)*, or a right, power, function, duty or obligation exercised, performed of fulfilled by a person or persons as may be authorized under or by subsection (2) *(c)* (ii), shall for all purposes be deemed to have been exercised, performed or fulfilled by the local authority concerned.

Chief executive officers.

**30.** (1) A local authority shall appoint a person, in the case of a local authority which is a town council, as the town clerk of that town council, or, in the case of a local authority which is a village council, as the village secretary of that village council.

(2) The town clerk of a town council shall be the chief executive officer of the town council and the village secretary of a village council shall be the chief executive officer of the village council.

(3) The chief executive officer shall, subject to the control and directions of the local authority, be responsible for the execution of the local authority's resolutions and the administration of the local authority's affairs.

(4) The chief executive officer shall not be removed from office or dismissed from the service of the local authority, and his emoluments or allowances (if any) shall not be reduced, except under the authority of a resolution adopted by the majority of all the members of the local authority at a meeting specially convened for that purpose, and unless the Minister has approved the removal, dismissal or reduction.

Departments.

**31.** (1) A local authority may for the effective carrying out of its activities create in its administration two or more departments and charge each department with such functions and duties as it may determine.

(2) A local authority shall for each department created by it under subsection (1) appoint a person as the head of that department.

(3) A departmental head shall be responsible for the administration of his department and shall perform his functions subject to the control and directions of the chief executive officer of the local authority.

(4) The provisions of section 30 (4) shall *mutatis mutandis* apply in respect of a departmental head.

Delegering van bevoegdhede deur plaaslike besture aan werknemers ens.

**32.** (1) 'n Plaaslike bestuur kan met die goedkeuring van die direkteur 'n bevoegdheid by of kragtens hierdie Wet aan hom verleen (behalwe die bevoegdheid om verordeninge te maak, heffings of ander belastings op te lê, geld te leen, 'n bankrekening to oortrek of huurgelde, tariewe of ander vorderings vas te stel) aan sy hoof- uitvoerende beampte, 'n departementshoof of 'n werknemer in sy diens, of aan iemand kragtens artikel 35 (2) aan die plaaslike bestuur afgestaan, delegeer, of die hoof- uitvoerende beampte, 'n departementshoof of 'n werknemer of so iemand magtig om 'n werksaamheid of plig by of kragtens hierdie Wet aan hom opgedra, te verrig.

(2) 'n Delegering kragtens subartikel (1) belet nie die uitoefening van die betrokke bevoegdheid deur die plaaslike bestuur self nie.

Werknemers is in heeltydse diens van plaaslike bestuur.

**33.** (1) Iemand in die diens van 'n plaaslike bestuur—

*(a)* moet al sy tyd tot beskikking van die plaaslike bestuur stel;

*(b)* mag, behalwe met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur, geen besoldigde werk buite sy werk as werknemer in die diens van die plaaslike bestuur verrig nie.

(2) Indien iemand in die diens van 'n plaaslike bestuur enige besoldiging in stryd met die bepalings van subartikel (1) *(b)* ontvang, moet hy 'n bedrag aan die plaaslike bestuur betaal gelykstaande met die bedrag van daardie besoldiging of, waar die besoldiging nie uit geld bestaan nie, die waarde daarvan soos deur die plaaslike bestuur bepaal.

Aanstelling van wetstoepassingsbeamptes.

**34.** (1) 'n Plaaslike bestuur kan met die goedkeuring van die Minister persone aanstel vir—

*(a)* die bewaring van die veiligheid van die inwoners van sy regsgebied;

*(b)* die handhawing van wet en orde daarin;

*(c)* die voorkoming van misdaad daarin;

*(d)* die toepassing van verordeninge deur hom kragtens artikel 27 gemaak; en

*(e)* die verrigting van die werksaamhede van bodes ooreenkomstig gewoontereg by Swart persone ten opsigte van die uitoefening van die regsprekende bevoegdheid van 'n persoon aan wie sodanige bevoegdheid kragtens 'n bepaling van die een of ander wet verleen is.

(2) Die Minister verleen nie sy goedkeuring kragtens subartikel (1) nie behalwe na oorlegpleging met die Minister van Wet en Orde.

(3) Die bepalings van hierdie artikel word nie só uitgelê dat dit afbreuk doen aan die bevoegdhede, werksaamhede en pligte van die Suid-Afrikaanse Polisie of 'n vredesbeampte ooreenkomstig die bedoeling van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), nie.

Beskikbaarstelling van personeel aan plaaslike besture.

**35.** (1) Die Minister kan, indien hy dit nodig ag vir die doeltreffende verrigting deur 'n plaaslike bestuur van sy werksaamhede, op aanbeveling van die Kommissie vir Administrasie of met die goedkeuring van 'n betrokke liggaam by of kragtens wet ingestel, na gelang van die geval, goedkeur dat 'n beampte of werknemer van die Staat of sodanige liggaam, met die instemming van die betrokke beampte of werknemer, werk vir of namens die plaaslike bestuur volgens die voorskrifte van die Minister verrig.

(2) 'n Ontwikkelingsraad kan, op versoek van 'n plaaslike bestuur en vir die tydperk en op die voorwaardes waarop daar tussen die raad en die plaaslike bestuur ooreengekom word, iemand in die raad se diens, met die instemming van so iemand aan die plaaslike bestuur afstaan vir heeltydse diens in die plaaslike bestuur se administrasie.

Oorplasing van werknemers van ontwikkelingsraad na plaaslike bestuur.

**36.** (1) 'n Ontwikkelingsraad kan, met die instemming van 'n plaaslike bestuur in sy administrasiegebied en met die goedkeuring van die Minister, 'n persoon in sy diens oorplaas na die diens van daardie plaaslike bestuur.

**Delegation of powers by local authorities to employees, etc.**

**32.** (1) A local authority may with the approval of the director delegate any power conferred upon it by or under this Act (excluding the power to make by-laws, to impose levies or other taxes, to borrow money, to overdraw a banking account or to fix rentals, tariffs or other charges) to its chief executive officer, a departmental head or any employee in its service or to a person seconded to the local authority under section 35 (2), or authorize the chief executive officer, a departmental head or any employee or any such person to perform any function or duty assinged to it by or under this Act.

(2) A delegation under subsection (1) shall not prevent the exercise of the relevant power by the local authority itself.

**Employees to be in full-time service of local authority.**

**33.** (1) Any person in the service of a local authority—

*(a)* shall place the whole of his time at the disposal of the local authority;

*(b)* shall not, except with the written consent of the local authority, perform remunerative work outside his employment as an employee in the service of the local authority.

(2) If a person in the service of a local authority receives any remuneration in contravention of the provisions of subsection (1) *(b)*, he shall pay to the local authority an amount equal to the amount of such remuneration or, where such remuneration did not consist of money, the value thereof as determined by the local authority.

**Appointment of law enforcement officers.**

**34.** (1) A local authority may with the approval of the Minister appoint persons for—

*(a)* the preservation of the safety of the residents of the area under its jurisdiction;

*(b)* the maintenance of law and order therein;

*(c)* the prevention of crime therein;

*(d)* the enforcement of by-laws made by it under section 27; and

*(e)* the performance of the functions of messengers according to customary law among Black persons in respect of the exercising of the judicial power of any person on whom such power has been conferred under a provision of any law.

(2) The Minister shall not grant his approval under subsection (1) except after consultation with the Minister of Law and Order.

(3) Nothing in this section contained shall be construed as derogating from the powers, functions and duties of the South African Police or a peace officer within the meaning of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977).

**Placing of staff at disposal of local authorities.**

**35.** (1) The Minister may, if he deems it necessary for the effective carrying out of its activities by a local authority, on the recommendation of the Commission for Administration or with the approval of any relevant body established by or under any law, as the case may be, approve of the performance, in accordance with the directions of the Minister, of work for or on behalf of such local authority by an officer or employee of the State or such other body, with the consent of the officer or employee concerned.

(2) A development board may, at the request of a local authority and for such period and on such conditions as may be agreed upon between the board and the local authority, second any person in the board's service, with the consent of such person, to the local authority for full-time service in the local authority's administration.

**Transfer of employees of development board to local authority.**

**36.** (1) A development board may, with the concurrence of a local authority in its administration area and with the approval of the Minister, transfer a person in its service to the service of such local authority.

(2) Iemand wat ingevolge subartikel (1) oorgeplaas is, word vanaf die datum van sy oorplasing aangestel in 'n pos wat by die plaaslike bestuur ingestel is op die voorwaardes wat vir daardie pos voorgeskryf is en teen die besoldiging wat vir daardie pos bepaal is: Met dien verstande dat—

*(a)* bedoelde voorwaardes en besoldiging nie minder gunstig mag wees as die voorwaardes en besoldiging wat op hom van toepassing was as 'n persoon in diens van die ontwikkelingsraad nie; en

*(b)* siekte- en vakansieverlof waarmee so iemand gekrediteer was onmiddellik voor sy oorplasing na die plaaslike bestuur, geag word verlof te wees wat hy verdien het in die diens van die plaaslike bestuur.

(3) Iemand wat onmiddellik voor sy oorplasing ingevolge subartikel (1), 'n bydraer was tot die Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings ingestel kragtens artikel 2 van die Wet op die Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings, 1963 (Wet No. 41 van 1963)—

*(a)* word geag sonder onderbreking in sy diens 'n lid van daardie pensioenfonds te bly; en

*(b)* is, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, nie geregtig op die betaling van 'n voordeel uit bedoelde pensioenfonds uit hoofde van sy oorplasing nie, vir sover sy oorplasing met die beëindiging van sy diens by die betrokke ontwikkelingsraad gepaard gaan.

(4) Die Minister kan, met die instemming van die bestuur van 'n munisipale pensioenfonds wat daardeur geraak sal word, regulasies uitvaardig betreffende die grondslag en voorwaardes waarop iemand wat onmiddellik voor sy oorplasing ingevolge subartikel (1) 'n bydraer tot 'n munisipale pensioenfonds was, 'n lid van daardie pensioenfonds kan bly.

(5) Ondanks 'n andersluidende bepaling van die een of ander wet is iemand wat ingevolge 'n regulasie kragtens subartikel (4) die reg het om na sy oorplasing lid van 'n munisipale pensioenfonds te bly, nie geregtig op die betaling van 'n voordeel uit so 'n pensioenfonds uit hoofde van sy oorplasing nie, vir sover sy oorplasing met die beëindiging van sy diens by die betrokke ontwikkelingsraad gepaard gaan.

(6) By die toepassing van hierdie artikel beteken ,,munisipale pensioenfonds" 'n superannuasie-, pensioen- of voorsieningsfonds of -skema (behalwe 'n assuransieskema) deur 'n plaaslike bestuursliggaam ten bate van sy werknemers, of deur 'n wet ten bate van die werknemers van een of meer plaaslike bestuursliggame, ingestel.

Lede van plaaslike besture nie bevoeg om werknemers van plaaslike besture te wees nie.

**37.** (1) Iemand wat lid is van 'n plaaslike bestuur is nie bevoeg om as 'n werknemer van daardie of enige ander plaaslike bestuur aangestel te word nie.

(2) Iemand wat 'n werknemer van 'n plaaslike bestuur is en lid van daardie of enige ander plaaslike bestuur word, word geag as werknemer van die plaaslike bestuur te bedank het op die datum van sy verkiesing of aanstelling as so 'n lid.

Geheimhouding.

**38.** Geen lid of werknemer van 'n plaaslike bestuur mag inligting openbaar wat hy by die verrigting van sy werksaamhede verkry het nie behalwe—

*(a)* in die mate waarin dit vir die behoorlike uitvoering van die bepalings van hierdie Wet nodig mag wees;

*(b)* met die toestemming van die plaaslike bestuur of die direkteur; of

*(c)* vir die doeleindes van geregtelike verrigtinge betreffende 'n aangeleentheid kragtens hierdie Wet.

Rekenpligtige beamptes.

**39.** (1) die hoof- uitvoerende beampte van 'n plaaslike bestuur is die rekenpligtige beampte van die plaaslike bestuur, en is as sodanig belas met die verantwoording van al die geld deur die plaaslike bestuur ontvang en van al die betalings deur die plaaslike bestuur gedoen.

(2) Wanneer die hoof- uitvoerende beampte van 'n plaaslike bestuur afwesig is of nie in staat is om sy werksaamhede as re-

(2) Any person transferred under subsection (1) shall as from the date of his transfer be appointed to a post established under the local authority on such conditions as may be prescribed for such post and at such remuneration as may be determined for such post: Provided that—

(*a*) the said conditions and remuneration shall not be less favourable than the conditions and remuneration applicable to him as a person employed by the development board; and

(*b*) any sick or vacation leave which stood to the credit of such person immediately prior to his transfer to the local authority shall be deemed to be leave earned by him in the service of the local authority.

(3) Any person who, immediately prior to his transfer in terms of subsection (1), was a contributor to the Associated Institutions Pension Fund established under section 2 of the Associated Institutions Pension Fund Act, 1963 (Act No. 41 of 1963)—

(*a*) shall be deemed to remain, without a break in his service, a member of such pension fund; and

(*b*) shall, notwithstanding anything to the contrary contained in any law, not be entitled to the payment of any benefit from such pension fund by virtue of his transfer, in so far as his transfer involves the termination of his service with the development board concerned.

(4) The Minister may, with the concurrence of the management of any municipal pension fund which will be affected thereby, make regulations relating to the basis and conditions on which any person who immediately prior to his transfer in terms of subsection (1) was a contributor to a municipal pension fund, may remain a member of such pension fund.

(5) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law a person who in terms of a regulation under subsection (4) has the right to remain after his transfer a member of a municipal pension fund, shall not be entitled to the payment of any benefit from such pension fund by virtue of his transfer, in so far as his transfer involves the termination of his service with the development board concerned.

(6) For the purposes of this section "municipal pension fund" means any superannuation, pension or provident fund or scheme (other than an assurance scheme) established by a local government body for the benefit of its employees, or by any law for the benefit of the employees of one or more local government bodies.

Members of local authorities not competent to be employees of local authorities.

**37.** (1) Any person who is a member of a local authority shall not be competent to be appointed as an employee of that or any other local authority.

(2) Any person who is an employee of a local authority and becomes a member of that or any other local authority shall be deemed to have resigned as an employee of the local authority on the date of his election or appointment as such a member.

Preservation of secrecy.

**38.** No member or employee of a local authority shall disclose any information obtained by him in carrying out his functions, except—

(*a*) to the extent to which it may be necessary for the proper administration of the provisions of this Act;

(*b*) with the consent of the local authority or the director; or

(*c*) for the purposes of any legal proceedings relating to a matter under this Act.

Accounting officers.

**39.** (1) The chief executive officer of a local authority shall be the accounting officer of that local authority, and shall as such be charged with the responsibility of accounting for all the moneys received by the local authority and for all the payments made by the local authority.

(2) Whenever the chief executive officer of a local authority is absent or unable to perform his functions as accounting officer

kenpligtige beampte te verrig nie moet die plaaslike bestuur 'n ander werknemer of iemand kragtens artikel 35 (2) aan sy diens afgestaan, aanwys om as rekenpligtige beampte gedurende bedoelde afwesigheid of onvermoë waar te neem.

Rekeningkundige aantekeninge.

**40.** (1) Die rekenpligtige beampte van 'n plaaslike bestuur moet, behoudens die bepalings van hierdie Wet, in een van die amptelike tale van die Republiek die rekeningkundige aantekeninge hou wat nodig is om die transaksies en finansiële stand van sake van die plaaslike bestuur te verduidelik.

(2) 'n Rekenpligtige beampte moet in die rekeningkundige aantekeninge in subartikel (1) beoog 'n inkomsterekening hou wat met alle geld wat die plaaslike bestuur toeval en deur hom ontvang word, gekrediteer en met alle uitgawes van die plaaslike bestuur gedebiteer moet word.

(3) 'n Rekenpligtige beampte moet al die geld wat hy ten behoewe van 'n plaaslike bestuur ontvang in 'n bankrekening in artikel 23 (1) *(f)* beoog, inbetaal.

(4) Die rekeningkundige aantekeninge in subartikel (1) beoog, word gehou op 'n plek deur die plaaslike bestuur bepaal, en word nie sonder die plaaslike bestuur se toestemming van daardie plek af verwyder nie.

(5) Die Minister kan voorskrifte aan 'n rekenpligtige beampte uitreik betreffende die stelsel van boekhouding (met inbegrip van interne ouditering) en verantwoording wat daardie rekenpligtige beampte by die verrigting van sy werksaamhede ingevolge hierdie artikel en artikel 41 moet volg.

Finansiële state.

**41.** (1) Die rekenpligtige beampte van 'n plaaslike bestuur moet—

*(a)* binne die voorgeskrewe tydperk na die einde van 'n boekjaar van die plaaslike bestuur finansiële state in een van die amptelike tale van die Republiek ten opsigte van daardie boekjaar opstel en deur die ouditeur kragtens artikel 43 (1) vir daardie plaaslike bestuur aangestel, laat ouditeer; en

*(b)* binne 30 dae nadat hy ingevolge artikel 43 (3) die verslag van daardie ouditeur ontvang het afskrifte van die geouditeerde finansiële state, tesame met 'n afskrif van bedoelde verslag, aan 'n vergadering van die plaaslike bestuur en aan die direkteur voorlê.

(2) Die finansiële state in subartikel (1) bedoel, moet bestaan uit—

*(a)* 'n balansstaat wat die bates en laste van die plaaslike bestuur behandel;

*(b)* 'n inkomstestaat of soortgelyke finansiële staat wat die inkomste en die uitgawes (met inbegrip van enige verliese) van die plaaslike bestuur behandel; en

*(c)* enige ander state wat voorgeskryf word.

(3) Indien 'n rekenpligtige beampte versuim om afskrifte van die state en verslag in subartikel (1) *(b)* bedoel aan die direkteur voor te lê, kan die direkteur afskrifte van daardie state en verslag opeis van die ouditeur wat die betrokke oudit uitgevoer het.

(4) Die direkteur moet die state en verslag in subartikel (1) *(b)* bedoel, tesame met die kommentaar (indien daar is) van die plaaslike bestuur, voorlê aan die Minister, wat—

*(a)* die verdere stappe wat hy nodig ag, mag doen; en

*(b)* daardie state en verslag tesame met genoemde kommentaar (indien daar is) in die Volksraad ter Tafel moet lê.

Boekjaar.

**42.** Die boekjaar van 'n plaaslike bestuur is soos voorgeskryf.

Ouditering.

**43.** (1) *(a)* 'n Plaaslike bestuur se rekeningkundige aantekeninge bedoel in artikel 40 en sy finansiële state bedoel in artikel 41 word jaarliks geouditeer deur 'n ouditeur wat deur die direkteur vir daardie doel aangestel word.

*(b)* Niemand word kragtens paragraaf *(a)* as 'n ouditeur aangestel nie tensy hy kragtens die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van

the local authority shall designate any other employee or any person seconded under section 35 (2) to its service to act as accounting officer during such absence or inability.

Accounting records.

**40.** (1) The accounting officer of a local authority shall, subject to the provisions of this Act, keep in one of the official languages of the Republic such accounting records as are necessary to reflect the transactions and financial state of affairs of the local authority.

(2) An accounting officer shall keep in the accounting records contemplated in subsection (1) a revenue account which shall be credited with all moneys which accrue to and are received by the local authority and be debited with all expenses of the local authority.

(3) An accounting officer shall deposit all the money received by him on behalf of a local authority in a banking account contemplated in section 23 (1) *(f)*.

(4) The accounting records contemplated in subsection (1) shall be kept at a place determined by the local authority, and shall not without the local authority's consent be removed from that place.

(5) The Minister may issue instructions to an accounting officer in connection with the system of bookkeeping (including internal auditing) and accounting to be followed by that accounting officer in the performance of his functions in terms of this section and section 41.

Financial statements.

**41.** (1) The accounting officer of a local authority shall—

*(a)* within the prescribed period after the end of a financial year of the local authority make out financial statements in one of the official languages of the Republic in respect of that financial year and cause such statements to be audited by the auditor appointed under section 43 (1) for that local authority; and

*(b)* within 30 days after he has in terms of section 43 (3) received the report of that auditor submit copies of the audited financial statements, together with a copy of the said report, to a meeting of the local authority and to the director.

(2) The financial statements referred to in subsection (1) shall consist of—

*(a)* a balance sheet dealing with the assets and liabilities of the local authority;

*(b)* a revenue statement or any similar financial statement dealing with the income and the expenditure (including any losses) of the local authority; and

*(c)* any other statements that may be prescribed.

(3) If an accounting officer omits to submit copies of the statements and report referred to in subsection (1) *(b)* to the director, the director may claim copies of those statements and report from the auditor who carried out the audit concerned.

(4) The director shall submit the statements and report referred to in subsection (1) *(b)*, together with the comments (if any) of the local authority, to the Minister, who—

*(a)* may take such further action as he may deem necessary; and

*(b)* shall lay such statements and report, together with such comments (if any), upon the Table of the House of Assembly.

Financial year.

**42.** The financial year of a local authority shall be as prescribed.

Auditing.

**43.** (1) *(a)* A local authority's accounting records referred to in section 40 and its financial statements referred to in section 41 shall be audited annually by an auditor appointed by the director for such purpose.

*(b)* No person shall be appointed as an auditor under paragraph *(a)* unless he is registered under the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of

1951), as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is en openbare praktyk beoefen.

(2) 'n Ouditeur kragtens subartikel (1) aangestel, het vir die doeleindes van 'n oudit kragtens hierdie Wet benewens die bevoegdhede en pligte in artikel 26 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951, uiteengesit die verdere bevoegdhede en pligte wat voorgeskryf word.

(3) Wanneer 'n ouditeur kragtens subartikel (1) aangestel sy oudit ten opsigte van 'n bepaalde boekjaar afgehandel het, moet hy onverwyld 'n verslag ten opsigte van sy oudit op die voorgeskrewe vorm opstel en aan die rekenpligtige beampte van die betrokke plaaslike bestuur voorlê.

(4) Die besoldiging betaalbaar aan 'n ouditeur kragtens subartikel (1) aangestel, word deur die direkteur na oorlegpleging met die betrokke plaaslike bestuur vasgestel en deur die plaaslike bestuur betaal.

Begroting van inkomste en uitgawes.

**44.** (1) 'n Plaaslike bestuur moet in elke boekjaar 'n staat van sy geraamde inkomste en uitgawes ten opsigte van die daaropvolgende boekjaar opstel en aan die Minister voorlê.

(2) 'n Staat in subartikel (1) bedoel, moet in die voorgeskrewe vorm opgestel word en minstens vermeld—

*(a)* die verskillende inkomstebronne en die verwagte inkomste uit elke sodanige bron; en

*(b)* volgens die indeling deur die Minister vereis, die verskillende programme en subprogramme en die verskillende projekte binne sodanige programme of subprogramme vir die doeleindes waarvan dit beoog word om geld aan te wend, en die voorgestelde uitgawe ten opsigte van elke sodanige program, subprogram of projek.

(3) Na oorweging van 'n staat in subartikel (1) bedoel, moet die Minister ten opsigte van elke bedrag in die staat vir die doeleindes van 'n program, subprogram of projek toegewys—

*(a)* die plaaslike bestuur magtig om daardie bedrag aan te wend; of

*(b)* nadat hy met die plaaslike bestuur oorleg gepleeg het—

(i) die plaaslike bestuur magtig om die laer of hoër bedrag wat die Minister vasstel, aan te wend; of

(ii) weier om die plaaslike bestuur te magtig om enige bedrag aan te wend,

vir die doeleindes van daardie program, subprogram of projek gedurende die boekjaar waarop die staat betrekking het.

Aanwending van geld.

**45.** 'n Plaaslike bestuur wend nie sy geld aan behalwe ooreenkomstig 'n magtiging kragtens artikel 44 verleen nie: Met dien verstande dat—

*(a)* die Minister te eniger tyd—

(i) 'n plaaslike bestuur kan magtig om 'n bedrag aan te wend vir 'n doeleinde waarvoor in 'n staat kragtens subartikel (1) van bedoelde artikel geen voorsiening gemaak is nie of vir die doeleindes van 'n program, subprogram of projek waarvoor in so 'n staat ontoereikende voorsiening gemaak is;

(ii) 'n magtiging kragtens genoemde artikel of kragtens subparagraaf (i) van hierdie paragraaf vir die aanwending van die een of ander bedrag verleen, vir sover daardie bedrag nog nie aangewend is nie, kan intrek of vir 'n bepaalde tydperk kan opskort;

(iii) 'n plaaslike bestuur kan magtig om 'n besparing onder die een of ander program of subprogram op so 'n staat vir die doeleindes van 'n ander program of subprogram op die staat aan te wend;

*(b)* die plaaslike bestuur, tensy die Minister anders gelas, 'n besparing onder 'n bepaalde projek binne 'n program of subprogram op so 'n staat, kan aanwend vir die doeleindes van 'n ander projek binne dieselfde program of subprogram.

1951), as an accountant and auditor and engaged in public practice.

(2) An auditor appointed under subsection (1) shall for the purposes of an audit under this Act, in addition to the powers and duties set out in section 26 of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951, have such further powers and duties as may be prescribed.

(3) When an auditor appointed under subsection (1) has completed his audit in respect of any particular financial year he shall forthwith draw up a report in respect of his audit on the prescribed form and submit such report to the accounting officer of the local authority concerned.

(4) The remuneration payable to an auditor appointed under subsection (1) shall be fixed by the director after consultation with the local authority concerned and be paid by such local authority.

Estimates of revenue and expenditure.

**44.** (1) A local authority shall in each financial year draw up and submit to the Minister a statement of its estimated revenue and expenditure in respect of the next succeeding financial year.

(2) A statement referred to in subsection (1) shall be drawn up in the prescribed form and shall at the least specify—

*(a)* the different revenue sources and the expected revenue from each such source; and

*(b)* according to such arrangement as may be required by the Minister, the different programmes and subprogrammes and the different projects in such programmes or subprogrammes for the purposes of which money is intended to be applied, and the estimated expenditure in respect of each such programme, subprogramme or project.

(3) After consideration of a statement referred to in subsection (1) the Minister shall in respect of each amount appropriated in the statement for the purposes of a programme, subprogramme or project—

*(a)* authorize the local authority to apply that amount; or

*(b)* after he has consulted the local authority—

(i) authorize the local authority to apply such lower or higher amount as may be fixed by the Minister; or

(ii) refuse to authorize the local authority to apply any amount,

for the purposes of that programme, subprogramme or project during the financial year to which the statement relates.

Application of money.

**45.** A local authority shall not apply its money otherwise than in accordance with an authority granted under section 44: Provided that—

*(a)* the Minister may at any time—

(i) authorize a local authority to apply an amount for a purpose for which no provision was made in a statement under subsection (1) of the said section or for the purposes of a programme, subprogramme or project for which insufficient provision was made in such a statement;

(ii) withdraw or suspend for any particular period any authority granted under the said section or under subparagraph (i) of this paragraph for the application of any particular amount in so far as that amount has not yet been applied;

(iii) authorize a local authority to apply any saving under any particular programme or subprogramme on such a statement for the purposes of any other programme or subprogramme on such statement;

*(b)* the local authority may, unless the Minister otherwise directs, apply any saving under any particular project in a programme or subprogramme on such a statement for the purposes of any other project in the same programme or subprogramme.

Verhaal van verliese en skade.

**46.** (1) Indien iemand wat 'n lid of in diens van 'n plaaslike bestuur is of was die plaaslike bestuur 'n verlies of skade berokken het deurdat hy—

*(a)* versuim het om geld verskuldig aan die plaaslike bestuur en vir die invordering waarvan hy verantwoordelik is of was, in te vorder:

*(b)* vir 'n onreëlmatige uitbetaling van geld van die plaaslike bestuur of vir 'n uitbetaling van sodanige geld wat nie deur 'n behoorlike bewysstuk gestaaf word nie, verantwoordelik is of was;

*(c)* weens versuim om sy pligte uit te voer, vir 'n vrugtelose uitgawe van geld van die plaaslike bestuur verantwoordelik is of was;

*(d)* vir 'n tekort in, of 'n vernietiging of beskadiging van, geld van die plaaslike bestuur, seëls, sigwaardestukke en vorms wat 'n potensiële waarde het, sekuriteite, uitrusting, voorrade of ander eiendom van die plaaslike bestuur verantwoordelik is of was;

*(e)* weens versuim om sy pligte uit te voer, vir 'n eis teen die plaaslike bestuur verantwoordelik is of was,

moet die rekenpligtige beampte van daardie plaaslike bestuur, of, indien die rekenpligtige beampte self of iemand wat 'n lid van die plaaslike bestuur is of was vir die verlies of skade verantwoordelik was, die direkteur, die bedrag van sodanige verlies of skade vasstel en, behoudens die bepalings van subartikel (5), daardie persoon by skriftelike kennisgewing gelas om die bedrag wat aldus vasgestel is, binne 30 dae vanaf die datum van die kennisgewing aan die plaaslike bestuur te betaal.

(2) Indien iemand wat in diens van die plaaslike bestuur is en wat ingevolge subartikel (1) gelas is om 'n bedrag te betaal, versuim om dié bedrag binne die vereiste tydperk te betaal, word dié bedrag, behoudens die bepalings van subartikels (4), (6) en (7), van sy maandelikse salaris of weeklikse loon afgetrek: Met dien verstande dat so 'n aftrekking nie in een maand of in een week, na gelang van die geval, meer as een vierde van sy maandelikse salaris of weeklikse loon mag beloop nie.

(3) Indien iemand wat 'n lid van die plaaslike bestuur is of was of in diens van die plaaslike bestuur was en wat ingevolge subartikel (1) gelas is om 'n bedrag te betaal, versuim om die bedrag binne die vereiste tydperk te betaal, kan die plaaslike bestuur, behoudens die bepalings van subartikels (4), (6) en (7), dié bedrag op so iemand verhaal deur middel van geregtelike proses of deur enige bedrag deur die plaaslike bestuur aan so iemand betaalbaar daarteen te verreken.

(4) Indien iemand wat ingevolge subartikel (1) gelas is om 'n bedrag te betaal, binne die tydperk in daardie subartikel vermeld, aanbied om die bedrag in paaiemente te betaal, kan die rekenpligtige beampte of die direkteur, na gelang van die geval, betaling toelaat in die paaiemente wat, na hy meen, redelik is: Met dien verstande dat indien die delging van die bedrag ingevolge 'n aanbod deur die rekenpligtige beampte aanvaar, nie binne 'n tydperk van 12 maande gereken vanaf die datum waarop die eerste paaiement betaalbaar is, sal geskied nie, die direkteur se goedkeuring verkry moet word om die bedrag oor 'n langer tydperk as genoemde tydperk te betaal, en die direkteur die ander voorwaardes waarop die bedrag betaal moet word, kan bepaal.

(5) Indien die plaaslike bestuur, om watter rede ook al, van mening is dat die bedrag van 'n verlies of skade bedoel in subartikel (1) nie verhaal behoort te word nie of slegs ten dele verhaal behoort te word op die persoon wat daarvoor verantwoordelik is, kan hy met die goedkeuring van die direkteur daardie persoon betaling van die geheel of 'n gedeelte van daardie bedrag kwytskeld.

(6) Iemand wat ingevolge subartikel (1) gelas is om 'n bedrag te betaal, kan binne die tydperk in daardie subartikel vermeld die plaaslike bestuur skriftelik versoek, met opgaaf van die gronde vir sy versoek, om hom kragtens subartikel (5) van betaling van die geheel of 'n gedeelte van daardie bedrag kwyt te skeld, en indien die plaaslike bestuur weier om hom oor-

Recovery of losses and damages.

**46.** (1) If a person who is or was a member or in the employ of a local authority caused the local authority a loss or damage because he—

*(a)* failed to collect moneys owing to the local authority and for the collection of which he is or was responsible;

*(b)* is or was responsible for an irregular payment of moneys of the local authority or for a payment of such moneys not supported by a proper voucher;

*(c)* due to an omission to carry out his duties, is or was responsible for fruitless expenditure of moneys of the local authority;

*(d)* is or was responsible for a deficiency in, or for the destruction of or damage to, moneys of the local authority, stamps, face value documents and forms having a potential value, securities, equipment, stores or any other property of the local authority;

*(e)* due to an omission to carry out his duties, is or was responsible for a claim against the local authority,

the accounting officer of that local authority, or, if the accounting officer himself or any person who is or was a member of the local authority was responsible for such loss or damage, the director, shall determine the amount of such loss or damage and, subject to the provisions of subsection (5), order, by notice in writing, that person to pay to the local authority within 30 days from the date of such notice the amount so determined.

(2) If a person who is in the employ of the local authority and who has in terms of subsection (1) been ordered to pay an amount, fails to pay such amount within the required period the amount shall, subject to the provisions of subsections (4), (6) and (7), be deducted from his monthly salary or weekly wages: Provided that such deduction shall not in any one month or in any one week, as the case may be, exceed one-fourth of his monthly salary or weekly wages.

(3) If a person who is or was a member of the local authority or was in the employ of the local authority and who has, in terms of subsection (1), been ordered to pay an amount, fails to pay such amount within the required period, the local authority may, subject to the provisions of subsections (4), (6) and (7), recover such amount from such person by judicial process or by setting off any amount payable by the local authority to such person against such amount.

(4) If a person who has been ordered to pay an amount in terms of subsection (1) makes, within the period referred to in that subsection, an offer to pay the amount in instalments, the accounting officer or the director, as the case may be, may allow payment in such instalments as he may consider reasonable: Provided that if the redemption of the amount in terms of an offer accepted by the accounting officer will not be effected within a period of 12 months calculated from the date on which the first instalment is payable, the approval of the director shall be obtained for the payment thereof over a period in excess of the period mentioned, and the director may determine the other terms and conditions subject to which the amount shall be paid.

(5) If for any reason whatsoever the local authority is of the opinion that the amount of a loss or damage referred to in subsection (1) should not be recovered or should be recovered in part only from the person responsible therefor, it may with the approval of the director exempt that person from payment of the whole or a portion of such amount.

(6) A person who has in terms of subsection (1) been ordered to pay an amount may, within the period referred to in that subsection, in writing request the local authority, stating the grounds for his request, to exempt him under subsection (5) from payment of the whole or a portion of such amount, and if the local authority refuses to exempt him from such payment in

eenkomstig sy versoek van daardie betaling kwyt te skeld of indien die direkteur weier om kragtens subartikel (5) so 'n kwytskelding goed te keur, kan so iemand binne 30 dae nadat hy skriftelik van die weiering in kennis gestel is, by die Minister appèl daarteen aanteken, en die Minister kan, na die verdere ondersoek wat hy nodig ag, die appèl verwerp of gelas dat die appellant geheel en al of ten dele, na gelang van wat die Minister billik en redelik ag, van die betaling van daardie bedrag kwytgeskeld word.

(7) Iemand wat ingevolge subartikel (1) gelas is om 'n bedrag te betaal, kan in plaas van kragtens subartikel (6) die plaaslike bestuur te versoek om hom van betaling van die geheel of gedeelte van daardie bedrag kwyt te skeld of by die Minister appèl aan te teken, by 'n bevoegde hof aansoek doen, binne die tydperk in subartikel (1) vermeld, of binne die verdere tydperk wat die hof toelaat, om 'n bevel waarby die lasgewing tersyde gestel of daardie bedrag verminder word, en die hof kan op so 'n aansoek, indien hy nie deur die rekenpligtige beampte of die direkteur, na gelang van die geval, aan die hand van die omstandighede van die geval oortuig word nie dat die lasgewing tereg opgelê is of dat daardie bedrag juis is, 'n bevel uitreik waarby die lasgewing tersyde gestel word of dié bedrag verminder word, na gelang van die geval.

(8) Indien 'n bedrag ingevolge subartikel (5), (6) of (7) verminder word, word die verminderde bedrag *mutatis mutandis* ooreenkomstig die bepalings van subartikels (1), (2), (3) en (4) verhaal.

(9) Indien iemand wat ingevolge subartikel (1) gelas is om 'n bedrag te betaal, versuim om die bedrag te betaal binne die tydperk in daardie subartikel vermeld, word geag dat 'n skuld aan die plaaslike bestuur ontstaan en is rente bereken teen die koers soos voorgeskryf kragtens die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers, 1975 (Wet No. 55 van 1975), vanaf die datum van die betrokke kennisgewing kragtens subartikel (1), op daardie skuld betaalbaar.

Verliese te wyte aan bedrieglike of dieftige dade.

**47.** (1) 'n Verlies deur 'n plaaslike bestuur gely (behalwe so 'n verlies deur 'n ouditeur ontdek terwyl hy 'n oudit kragtens artikel 43 uitvoer) wat die plaaslike bestuur vermoed te wyte is aan 'n bedrieglike of dieftige daad deur iemand gepleeg, moet onverwyld deur die plaaslike bestuur by die direkteur aangemeld word.

(2) Indien volgens die oordeel van die direkteur die plaaslike bestuur nie in staat is om die bedrag of omstandighede van die verlies te bepaal nie, kan die direkteur op koste van die plaaslike bestuur iemand wat kragtens die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is en openbare praktyk beoefen, aanstel ten einde die plaaslike bestuur te help om die bedrag of omstandighede van die verlies te bepaal.

Rente op sekere agterstallige gelde.

**48.** 'n Plaaslike bestuur kan behoudens artikel 46 (9) op enige agterstallige gelde aan hom verskuldig rente hef teen 'n koers deur die Minister goedgekeur.

Misdrywe en strawwe.

**49.** (1) 'n Lid of werknemer van 'n plaaslike bestuur wat 'n bepaling van artikel 17 (1) of 38 oortree, of 'n lid van 'n plaaslike bestuur wat versuim om aan 'n bepaling van artikel 16 te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

(2) 'n Lid van 'n plaaslike bestuur wat aan 'n oortreding van artikel 17 (1) *(a)* skuldig bevind word, kan deur die hof deur wie hy skuldig bevind word, benewens enige straf wat hy kragtens subartikel (1) van hierdie artikel opgelê mag word, onbevoeg verklaar word om die amp van lid van 'n plaaslike bestuur te beklee.

accordance with his request or if the director refuses to approve of any such exemption under subsection (5), such person may within 30 days after he has been notified in writing of such refusal, appeal against such refusal to the Minister, and the Minister may, after such further investigation as he may deem necessary, dismiss the appeal or order that the appellant be exempted either wholly or partly, according as the Minister may consider fair and reasonable, from the payment of such amount.

(7) A person who has in terms of subsection (1) been ordered to pay an amount may, instead of requesting the local authority to exempt him from payment of the whole or a portion of that amount or of appealing to the Minister under subsection (6), apply within the period referred to in subsection (1), or within such further period as the court may allow, to a competent court for an order setting aside such first-mentioned order or reducing such amount, and the court may upon such an application, if it is not convinced by the accounting officer or the director, as the case may be, on the merits of the case that the order was rightly made or that that amount is correct, make an order setting aside such first-mentioned order or reducing that amount, as the case may be.

(8) If an amount is in terms of subsection (5), (6) or (7) reduced, the reduced amount shall *mutatis mutandis* be recovered in accordance with the provisions of subsections (1), (2), (3) and (4).

(9) If a person who has in terms of subsection (1) been ordered to pay an amount, fails to pay such amount within the period referred to in that subsection, it shall be deemed that a debt is created to the local authority and interest calculated at the rate prescribed under the Prescribed Rate of Interest Act, 1975 (Act No. 55 of 1975), shall from the date of the relevant notice under subsection (1), be payable on that debt.

Losses due to fraudulent or furtive acts.

**47.** (1) Any loss suffered by a local authority (other than any such loss discovered by an auditor whilst carrying out an audit under section 43) which the local authority suspects to be due to any fraudulent or furtive act committed by any person shall forthwith be reported by the local authority to the director.

(2) If in the opinion of the director the local authority is unable to determine the amount or circumstances of any such loss, the director may at the local authority's expense appoint a person registered under the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951), as an accountant and auditor and engaged in public practice, to assist the local authority to determine the amount or circumstances of the loss.

Interest on certain arrears.

**48.** A local authority may, subject to section 46 (9), on any arrears due to it charge interest at such rate as may be approved by the Minister.

Offences and penalties.

**49.** (1) A member or an employee of a local authority who contravenes a provision of section 17 (1) or 38, or a member of a local authority who fails to comply with a provision of section 16, shall be guilty of an offence and on conviction be liable to a fine not exceeding R1 000 or to imprisonment for a period not exceeding 12 months or to both such fine and such imprisonment.

(2) A member of a local authority convicted of a contravention of section 17 (1) *(a)* may, in addition to any penalty imposed upon him under subsection (1) of this section, be declared incompetent by the court convicting him to hold the office of member of a local authority.

Bewys van sekere feite en toelaatbaarheid van sekere stukke.

**50.** (1) Wanneer by geregtelike verrigtinge deur 'n plaaslike bestuur ingestel vir die verhaal van 'n bedrag aan hom verskuldig ten opsigte van huur of die verskaffing van huisvesting of 'n munisipale diens, die vraag ontstaan of iemand met 'n bepaalde naam enige bedrag op 'n bepaalde dag of gedurende 'n bepaalde tydperk aan daardie plaaslike bestuur betaal het of nie, word 'n geskrif wat 'n beëdigde verklaring heet te wees van iemand wat in daardie verklaring beweer dat hy 'n werknemer van daardie plaaslike bestuur is en dat niemand met daardie naam enige bedrag op daardie dag of gedurende daardie tydperk aan die plaaslike bestuur betaal het nie, by blote voorlegging by sodanige verrigtinge deur enigiemand as *prima facie*-bewys aanvaar van die feite daarin vermeld.

(2) Die rekeningkundige aantekeninge in artikel 40 (1) beoog, met inbegrip van enige stuk wat gesertifiseer heet te wees deur of namens die hoof- uitvoerende beampte van 'n plaaslike bestuur as 'n ware uittreksel uit die rekeningkundige aantekeninge van die plaaslike bestuur, is by blote voorlegging daarvan by enige geregtelike verrigtinge deur enigiemand, toelaatbaar as getuienis van die feite daarin vermeld.

Sekere boetes word aan plaaslike besture oorbetaal.

**51.** Tensy die Minister anders bepaal, word 'n boete wat ten opsigte van 'n misdryf ingevolge hierdie Wet (met inbegrip van 'n verordening kragtens artikel 27) deur 'n hof opgelê word, binne 'n redelike tyd na die betaling daarvan oorbetaal aan die plaaslike bestuur met betrekking tot wie daardie misdryf gepleeg is.

Toepassing van Wet 94 van 1970.

**52.** By die toepassing van die Wet op die Beperking van Regsgedinge (Provinsiale en Plaaslike Besture), 1970 (Wet No. 94 van 1970), word 'n stadsraad of 'n dorpsbestuur geag 'n plaaslike bestuur te wees soos omskryf in artikel 1 van daardie Wet.

Regsbevoegdheid van kommissarishowe.

**53.** 'n Siviele geding waarin 'n stadsraad of 'n dorpsbestuur en 'n Swart persoon die partye is, kan in die hof van 'n kommissaris verhoor word: Met dien verstande dat 'n party wat so 'n siviele geding in 'n landdroshof aanhangig maak, geregtig is om koste in die geding slegs volgens die tarief wat in die hof van 'n kommissaris (volgens paragraaf *(a)* van die omskrywing van "kommissaris") van toepassing is, te verhaal.

Vrystelling van werknemers en lede van plaaslike bestuur van persoonlike aanspreeklikheid.

**54.** Geen handeling of versuim, en geen kontrak aangegaan, deur 'n plaaslike bestuur, en geen handeling of versuim deur 'n lid of werknemer van die plaaslike bestuur of deur enige ander persoon wat op bevel van die plaaslike bestuur handel, stel, indien dit te goeder trou gedoen is of plaasgevind het of aangegaan is vir die doeleindes van hierdie Wet of van enige verordening van krag in die gebied van sodanige plaaslike bestuur, so 'n lid of werknemer of bedoelde ander persoon persoonlik bloot aan enige aksie, verpligting, vordering of eis hoegenaamd nie, en enige onkoste deur die plaaslike bestuur of so 'n lid of werknemer of bedoelde ander persoon aangegaan, word deur die plaaslike bestuur uit sy inkomste betaal.

Delegering deur Minister en direkteur.

**55.** (1) Die Minister kan 'n bevoegdheid by of kragtens hierdie Wet aan hom verleen, behalwe 'n bevoegdheid bedoel in artikel 2, 27, 29 of 56 of wat by kennisgewing in die *Staatskoerant* uitgeoefen moet word, aan 'n beampte in die Departement delegeer.

(2) Die direkteur kan met die goedkeuring van die Direkteurgeneraal 'n bevoegdheid by hierdie Wet of enige ander wet aan hom verleen aan 'n beampte in die Departement delegeer of so 'n beampte magtig om 'n plig by hierdie Wet of enige ander wet aan hom opgedra, te verrig.

(3) Geen delegering van 'n bevoegdheid kragtens subartikel (1) of (2) belet die uitoefening van die betrokke bevoegdheid deur die Minister of die direkteur, na gelang van die geval, self nie.

Regulasies.

**56.** (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig betreffende—

*(a)* 'n aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word;

Proof of certain facts and admissibility of certain documents.

**50.** (1) Whenever in any judicial proceedings instituted by a local authority for the recovery of an amount due to it in respect of rent or the provision of accommodation or any municipal service, the question arises whether a person bearing a particular name did or did not on any particular day or during any particular period pay any amount to that local authority, a writing purporting to be an affidavit made by a person who in that affidavit alleges that he is an employee of that local authority and that no person bearing that name paid any amount to the local authority on that day or during that period, shall on its mere production at those proceedings by any person be *prima facie* proof of the facts stated therein.

(2) The accounting records contemplated in section 40 (1), including any document purporting to be certified by or on behalf of the chief executive officer of a local authority as a true extract from the accounting records of that local authority, shall on its mere production at any judicial proceedings by any person be admissible as evidence of the facts stated therein.

Certain fines to be paid to local authorities.

**51.** Unless the Minister otherwise determines, a fine imposed by a court in respect of an offence in terms of this Act (including a by-law under section 27) shall within a reasonable period after it has been paid, be paid over to the local authority with respect to which that offence was committed.

Application of Act 94 of 1970.

**52.** For the purposes of the Limitation of Legal Proceedings (Provincial and Local Authorities) Act, 1970 (Act No. 94 of 1970), a town council or a village council shall be deemed to be a local authority as defined in section 1 of that Act.

Jurisdiction of commissioner's courts.

**53.** Any civil action to which a town council or a village council and a Black person are the parties may be heard in the court of a commissioner: Provided that any party instituting any such civil action in a magistrate's court shall be entitled to recover costs in the action according to the tariffs applicable in a court of a commissioner (according to paragraph *(a)* of the definition of "commissioner") only.

Exemption of employees and members of local authority from personal liability.

**54.** No act or omission, and no contract entered into by a local authority, and no act or omission by a member or employee of the local authority or by any other person acting under the direction of the local authority shall, if it was done or took place or was entered into in good faith for the purposes of this Act or of any by-law in force in the area of such local authority, subject any such member or employee or such other person personally to any action, liability, claim or demand whatsoever, and any expense incurred by the local authority or by any such member or employee or such other person shall be paid by the local authority out of its revenues.

Delegation by Minister and director.

**55.** (1) The Minister may delegate any power conferred upon him by or under this Act, excluding a power referred to in section 2, 27, 29 or 56 or to be exercised by notice in the *Gazette*, to an officer in the Department.

(2) The director may with the approval of the Director-General delegate any power conferred upon him by this Act or any other law to an officer in the Department or authorize any such officer to perform any duty assigned to him by this Act or any other law.

(3) No delegation of a power under subsection (1) or (2) shall prevent the exercise of the relevant power by the Minister or director himself, as the case may be.

Regulations.

**56.** (1) the Minister may make regulations as to—

*(a)* any matter which in terms of this Act is required or permitted to be prescribed;

(b) die vasstelling van die datum van 'n verkiesing in artikel 7 (1) of 9 (2) bedoel en van die datum waarop kandidate vir so 'n verkiesing genomineer kan word, die wyse waarop en die plek waar kandidate vir so 'n verkiesing genomineer moet word, die registrasie van stemgeregtigdes vir die doeleindes van so 'n verkiesing en die wyse waarop so 'n verkiesing gehou en beheer moet word;

(c) die prosedure wat op vergaderings van 'n plaaslike bestuur gevolg moet word;

(d) die persoon deur wie en die wyse waarop vergaderings van 'n uitvoerende komitee belê moet word, die ampstermyne van die voorsitter, die ondervoorsitter en die lede van so 'n komitee, die vul van vakatures, die prosedure wat op sodanige vergaderings gevolg moet word (met inbegrip van die kworum), die prosedure wat by 'n staking van stemme gevolg moet word en die hou van notules ten opsigte van sodanige vergaderings;

(e) die samestelling van 'n plaaslike komitee, die aanstelling van die lede van so 'n komitee, die persoon deur wie en die wyse waarop vergaderings van so 'n komitee belê moet word, die verkiesing van 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter van so 'n komitee, die ampstermyne van die voorsitter, die ondervoorsitter en die lede van so 'n komitee, die prosedure wat op sodanige vergaderings gevolg moet word (met inbegrip van die kworum), die prosedure wat by 'n staking van stemme gevolg moet word en die hou van notules ten opsigte van sodanige vergaderings;

(f) die onttrekking deur lede van 'n plaaslike bestuur, 'n uitvoerende komitee, 'n spesiale komitee bedoel in artikel 21 of 'n plaaslike komitee van deelname aan die verrigtinge van 'n vergadering van die plaaslike bestuur, uitvoerende komitee, spesiale komitee of plaaslike komitee op grond van 'n persoonlike, geldelike of ander belang by 'n aangeleentheid onder oorweging deur so 'n vergadering;

(g) die vereistes waaraan lede van 'n plaaslike bestuur, 'n uitvoerende komitee of 'n plaaslike komitee moet voldoen om verlof tot afwesigheid van 'n vergadering van die plaaslike bestuur, uitvoerende komitee of plaaslike komitee te verkry;

(h) die voorwaardes waarop 'n ander taal as een van die amptelike tale van die Republiek op vergaderings bedoel in paragraaf *(c)*, *(d)* of *(e)* gebruik mag word;

(i) die prosedure wat deur 'n plaaslike bestuur gevolg moet word wanneer hy verordeninge kragtens artikel 27 maak;

(j) die bevoegdhede, werksaamhede en pligte van persone kragtens artikel 34 (1) aangestel;

(k) die wyse waarop die rekeningkundige aantekeninge van 'n plaaslike bestuur gehou moet word en die rekenings wat deel daarvan moet uitmaak;

(l) die ouditering van die rekeningkundige aantekeninge en finansiële state van 'n plaaslike bestuur;

(m) die indiensneming, diensvoorwaardes en ontslag van werknemers van 'n plaaslike bestuur;

(n) die instelling en bestuur van 'n mediese skema ten behoewe van die weknemers van 'n plaaslike bestuur of twee of meer plaaslike besture;

(o) die prosedure in verband met die aanvra, die oorweging en die aanname van tenders vir die lewering van werk, goedere of dienste ten behoewe van of aan 'n plaaslike bestuur;

(p) enige ander aangeleentheid waarvan die reëling na die oordeel van die Minister nodig of wenslik is vir die doeltreffende uitvoering van die bepalings van hierdie Wet.

(2) Verskillende regulasies kan ten opsigte van verskillende plaaslike besture of komitees of kategorieë plaaslike besture of komitees uitgevaardig word.

(*b*) the determination of the date for an election referred to in section 7 (1) or 9 (2) and of the date on which candidates for any such election may be nominated, the manner in which and the place where candidates for any such election shall be nominated, the registration of voters for the purposes of any such election and the manner in which any such election shall be held and controlled;

(*c*) the procedure to be followed at meetings of a local authority;

(*d*) the person by whom and the manner in which meetings of an executive committee shall be convened, the periods of office of the chairman, the vice-chairman and the members of such a committee, the filling of vacancies, the procedure to be followed at such meetings (including the quorum), the procedure to be followed in the event of an equality of votes and the keeping of minutes in respect of such meetings;

(*e*) the constitution of a local committee, the appointment of the members of such a committee, the person by whom and the manner in which meetings of such a committee shall be convened, the election of a chairman and a vice-chairman of such a committee, the periods of office of the chairman, the vice-chairman and the members of such a committee, the filling of vacancies, the procedure to be followed at such meetings (including the quorum), the procedure to be followed in the event of an equality of votes and the keeping of minutes in respect of such meetings;

(*f*) the recusal of members of a local authority, an executive committee, a special committee referred to in section 21 or a local committee from participation in the proceedings of a meeting of such local authority, executive committee, special committee or local committee on the ground of personal, pecuniary or other interests in a matter under consideration by such a meeting;

(*g*) the requirements with which members of a local authority, an executive committee or a local committee shall comply to obtain leave of absence from a meeting of such a local authority, executive committee or local committee;

(*h*) the conditions on which a language other than one of the official languages of the Republic may be used at meetings referred to in paragraph *(c)*, *(d)* or *(e)*;

(*i*) the procedure to be followed by a local authority when making by-laws under section 27;

(*j*) the powers, functions and duties of persons appointed under section 34 (1);

(*k*) the manner in which the accounting records of a local authority shall be kept and the accounts which shall form part of such records;

(*l*) the auditing of the accounting records and financial statements of a local authority;

(*m*) the employment, conditions of service and dismissal of employees of a local authority;

(*n*) the establishment and management of a medical scheme for the employees of a local authority or two or more local authorities;

(*o*) the procedure in connection with the calling for and the consideration and acceptance of tenders for the execution of work for or the supply of goods or services to a local authority;

(*p*) any other matter the regulation of which is in the opinion of the Minister necessary or desirable for the effective carrying out of the provisions of this Act.

(2) Different regulations may be made in respect of different local authorities or committees or categories of local authorities or committees.

(3) 'n Regulasie kragtens hierdie artikel uitgevaardig, kan ten opsigte van 'n oortreding daarvan of 'n versuim om daaraan te voldoen 'n straf voorskryf wat 'n boete van R500 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van ses maande nie te bowe gaan nie, en kan bepaal dat iemand wat skuldig bevind word aan so 'n oortreding in verband met die verkiesing van 'n lid van die plaaslike bestuur, wat ingevolge so 'n regulasie 'n korrupte of onwettige bedrywigheid is, deur die hof wat hom skuldig bevind, vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar onbevoeg verklaar kan word om as kieser vir die doeleindes van so 'n verkiesing geregistreer te wees of om by so 'n verkiesing te stem.

Kort titel en inwerkingtreding.

**57.** Hierdie Wet heet die Wet op Swart Plaaslike Besture, 1982, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

---

## Bylae

Aangeleenthede in artikel 23 (1) *(l)* bedoel:

1. Die bevordering van die sedelike en maatskaplike welsyn van die inwoners van die gebied van die plaaslike bestuur.
2. Die bevordering van gesonde gemeenskapsontwikkeling.
3. Die verfraaiing en netheid van die gebied van die plaaslike bestuur, insluitend die plant, snoei of verwydering van bome.
4. Die ontwikkeling en administrasie van parke en openbare oorde.
5. Die oprigting, instandhouding en administrasie van sport- of ontspanningsgeriewe.
6. Die oprigting, voorsiening, instandhouding en administrasie van biblioteekdienste, museums en botaniese en dieretuine.
7. Die toekenning van beurse vir studiedoeleindes.
8. Die toewysing en administrasie van die verhuring van wonings, huisvesting, geboue of ander bouwerke onder beheer van die plaaslike bestuur.
9. Indien 'n plaaslike bestuursliggaam deur 'n wet daartoe verplig word, die voorkoming of bestryding van onwettige okkupasie van grond of geboue.
10. Die toewysing of administrasie van persele, insluitend die voorbereiding van aanlegplanne van die gebied van die plaaslike bestuur.
11. Die goedkeuring van bouplanne en die verwydering of sloping van ongemagtigde of verlate geboue of bouwerke.
12. Die beheer oor, verbod op of beperking van die aanhou van honde, insluitend die aanhou van hondehokke, die oplê van 'n heffing op sodanige aanhouding en maatreëls om steurnis veroorsaak deur honde te verminder.
13. Die beheer oor, verbod op of reëling of beperking van die aanhou van diere, behalwe honde.
14. Die beheer oor, verbod op of reëling of beperking van handeldryf en voorsiening van voedselware op straat, en die vertoon van advertensies.
15. Die voorsiening, instandhouding en verrigting van dienste vir die verwydering, vernietiging of ander wegdoening van nagvuil (met inbegrip van suigtenke), vuilis, verlate voertuie of enigiets van watter aard ook al wat die plaaslike bestuur op redelike gronde vermoed geabandoneer te gewees het, karkasse van dooie diere, en afval van enige aard.
16. Maatreëls om die gesondheid van die inwoners van die gebied van die plaaslike bestuur te bevorder of om die verspreiding van besmetlike of aansteeklike siekte te voorkom of om enige oorlas wat 'n gesondheidsgevaar vir sodanige inwoners uitmaak, te verminder.
17. Die oprigting, verkryging, bou, instandhouding en bedryf, binne of buite die gebied van die plaaslike bestuur, van werke vir die voorsiening van water en die voorsiening van riolering- en afvalwaterverwyderingsdienste aan die inwoners van daardie gebied, en die verspreiding van daardie water en dienste, en die voorwaardes vir die voorsiening van daardie water, met inbegrip van die staking van sodanige voorsiening, wat die plaaslike bestuur van tyd tot tyd bepaal en by verordening bekend maak.
18. Die oprigting, verkryging, bou, instandhouding en bestuur, binne of buite die gebied van die plaaslike bestuur, van werke vir die voorsiening van krag aan die inwoners van daardie gebied, die verspreiding van daardie krag, en die voorwaardes vir die voorsiening van daardie krag, met inbegrip van die staking van sodanige voorsiening, wat die plaaslike bestuur van tyd tot tyd bepaal en by verordening bekend maak.

(3) A regulation made under this section may in respect of any contravention thereof or failure to comply therewith prescribe a penalty not exceeding a fine of R500 or imprisonment for a period of six months, and may provide that any person found guilty of any such contravention in connection with the election of a member of the local authority, which in terms of any such regulation is a corrupt or illegal practice, may be declared incapable, for a period not exceeding five years, of being registered as a voter for such an election or to vote at such an election, by the court convicting him.

Short title and commencement.

**57.** This Act shall be called the Black Local Authorities Act, 1982, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

---

## Schedule

Matters referred to in section 23 (1) *(l)*.

1. The promotion of the moral and social welfare of the residents of the area of the local authority.
2. The promotion of sound community development.
3. The beautifying of and the neatness of the area of the local authority including the planting, trimming or removal of trees.
4. The development and administration of parks and public resorts.
5. The establishment, maintenance and administration of sport or recreational facilities.
6. The establishment, provision, maintenance and administration of library services, museums and botanical and zoological gardens.
7. The allocation of bursaries for educational purposes.
8. The allocation and administration of the letting of dwellings, accommodation, buildings or other structures under the control of the local authority.
9. If a local government body is by any law required to do so, the prevention or combating of the unlawful occupation of land or buildings.
10. The allocation or administration of premises, including the preparation of lay-out plans of the area of the local authority.
11. The approval of building plans and the removal or demolition of unauthorized or abandoned buildings or structures.
12. The control, prohibition or restriction of the keeping of dogs, including the keeping of kennels, the imposition of a tax on such keeping, and measures to abate any disturbance caused by dogs.
13. The control, prohibition, regulation or restriction of the keeping of any animals other than dogs.
14. The control, prohibition, regulation or restriction of street trading and purveying and the display of advertisements.
15. The provision, maintenance and carrying out of services for the removal, destruction or other disposal of night-soil (including vacuum tanks), rubbish, derelict vehicles or anything of whatever nature which the local authority on reasonable grounds suspects to have been abondoned, carcasses of dead animals and refuse of all kinds.
16. Measures to promote the health of the residents of the area of the local authority or to prevent the spreading of infectious or contagious diseases or to abate any nuisance constituting a health hazard to such residents.
17. The establishment, acquisition, construction, maintenance and carrying on, within or outside the area of the local authority, of works for supplying water and the supplying of sewerage and effluent removal services to the residents of that area, and the reticulation of such water and services, and the conditions for the supply of such water, including the discontinuance of such supply, determined and made known by by-law by the local authority from time to time.
18. The establishment, aqcuisition, construction, maintenance and carrying on, within or outside the area of the local authority, of works for supplying power to the residents of that area, the reticulation of such power, and the conditions for the supply of such power, including the discontinuance of such supply, determined and made known by by-law by the local authority from time to time.

19. Die tref van maatreëls wat die plaaslike bestuur nodig ag vir die lê van hoof- en takdrade en pyplyne om elektriese stroom of water of rioolvuil en afvalwater onderdeur of bo-oor publieke of private persele te lei, die aansluiting van sodanige drade of pype op enige perseel en die reg van toegang tot persele vir sodange doeleindes en die inspeksie van sodanige drade en pype.

20. Die oprigting en instandhouding van enige gebou of bouwerk vir enige behoefte of doel van die gemeenskap deur hierdie Wet of enige ander wet gemagtig.

21. Die oprigting, bou, toerusting, instandhouding en reëling van geboue of depots vir die ontvangs en opberging van bederfbare goedere.

22. Die oprigting en instandhouding van parkeergarages en die aanwysing en instandhouding van gebiede vir die parkeer van voertuie.

23. Die oprigting, instandhouding en bestuur van liefdadigheidsinrigtings, en die uitdeling van armsorg.

24. Die oprigting en instandhouding van woonhuise, woonstelle en kantoorgeboue met bybehorende buitegeboue op grond onder die beheer van die plaaslike bestuur, met inbegrip van voorsiening vir die huisvesting van werknemers van die plaaslike bestuur.

25. Die toestaan van finansiële bystand aan werknemers van die plaaslike bestuur om behuisingslenings terug te betaal.

26. Die instelling van 'n pensioenfonds tot voordeel van werknemers van die plaaslike bestuur.

27. Die bou en instandhouding van paaie en strate en die sluit of beperking van die gebruik van sodanige paaie en strate.

28. Die oprigting, instandhouding en beheer van begraafplase, binne of buite die gebied van die plaaslike bestuur.

29. Die vordering van bedrae ten opsigte van dienste behorende by die aangeleenthede hierbo opgenoem of ten opsigte van die voorsiening van water, elektrisiteit of gesondheidsdienste (met inbegrip van vullisverwydering) of vir die gebruik van enige van die fasiliteite hierbo opgenoem, wat die plaaslike bestuur van tyd tot tyd bepaal en by verordening bekend maak, en die invordering van sodanige vorderings.

19. The taking of such action as the local authority may consider necessary for the laying of main and branch wires and lines of pipes to convey electric current or water or sewage and effluent underneath or over public or private premises, the connection of such wires or pipes with any premises, and the right of entry of premises for such purposes and the inspection of such wires and pipes.

20. The establishment and maintenance of any building or structure for any community requirement or purpose authorized by this Act or any other law.

21. The establishment, construction, equipment, maintenance and regulation of buildings or depots for the reception and storage of perishable goods.

22. The establishment and maintenance of parking garages and the designation and maintenance of areas for the parking of vehicles.

23. The establishment, maintenance and management of charitable institutions, and the distribution of poor relief.

24. The erection and maintenance of dwelling houses, flats and office blocks with appurtenant outbuildings on land under the control of the local authority, including provision for the accommodation of employees of the local authority.

25. The granting of financial assistance to employees of the local authority for the repayment of a housing loan.

26. The establishment of a pension fund for the benefit of employees of the local authority.

27. The construction and maintenance of roads and streets and the closing, or limitation of the use, of such roads and streets.

28. The establishment, maintenance and control of cemeteries, within or outside the area of the local authority.

29. The making of charges in respect of services pertaining to the matters enumerated above or in respect of the provision of water, electricity or health services (including rubbish removal) or for the use of any of the facilities enumerated above, as the local authority may from time to time determine and make known by by-law, and the recovery of such charges.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB3322/13 900.
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB3322/13 900.